Die implementering van ‘n boelie-voorkomingsprogram vir laerskoolleerders deur aksienavorsing

deur

Shannon Lee Goliath Geldenhuys

Tesis ingelewer ter gedeeltelike voldoening aan die vereistes vir die graad van Magister in Opvoedkunde in die Fakulteit Opvoedkunde aan die Universiteit Stellenbosch.

UNIVERSITEIT
iYUNIVESITHI
STELLENBOSCH
UNIVERSITY

100
1918 · 2018

Studieleier:Me.Lynette Collair

Desember 2018

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

VERKLARING

Deur hierdie tesis elektronies in te lewer, verklaar ek dat die geheel van die werk hierin vervat, my eie, oorspronklike werk is, dat ek die alleenouteur daarvan is (behalwe in die mate uitdruklik anders aangedui), dat reproduksie en publikasie daarvan deur die Universiteit Stellenbosch nie derdepartyregte sal skend nie en dat ek dit nie vantevore, in die geheel of gedeeltelik, ter verkryging van enige kwalifikasie aangebied het nie.

Datum: Desember 2018

Kopiereg © 2018 Universiteit Stellenbosch
Alle regte voorbehou

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

ABSTRACT

Research shows that bullying is a phenomenon that needs to be researched and focused on. Firstly, there are different types of bullying. Secondly, bullying is practised by both boys and girls, but boys bully differently. The aims of this research are to put a prevention mechanism in place; to ensure that the human rights of children are not harmed; to ensure that an anti-bully policy is in place for the school and to complete a prevention programme to raise awareness of a both invisible and visible problem.

This interpretive study has been completed amongst Grade 6 learners in a school situated in the Western Cape. The process of inquiry was done through a qualitative study of which the aim was to explore what the experiences of learners were after having completed a bullying prevention programme, that was developed by the researcher for the specific context of the school and the socio-economic circumstances of the learners. Data was collected through observations, semi-structured recorded interviews and focus groups, which were then transcribed and categorised into themes.

The themes that emerged were mostly the experience of the learners after they had completed the programme, and how they intended to use the skills they were taught. The main finding was that, even though learners are willing to undergo change, the effect of bullying lies deeper than what the eye beholds and that the problem needs in-depth attention. The message that this study wants to convey is that every school should take the first step to address this problem in order to effect change.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

OPSOMMING

Navorsing oor boeliery toon dat dit ‘n fenomeen is wat indieptenavorsing en aandag moet geniet. Eerstens is daar verskillende vorme van boeliery. Tweedens word boeliery onder seuns en dogters aangetref. Seuns openbaar egter ‘n ander tipe boeliegedrag as dogters. Die doelwitte van hierdie studie was om te verseker dat voorkomingsmeganismes in plek gestel word om te voorkom dat kinders se menseregte, soos menswaardigheid, veiligheid en geborgenheid, in die toekoms geskend word; om te verseker dat ‘n beleid vir die skool in plek gestel word en dat die voorkomingsprogram verandering met betrekking tot gedrag sou bewerkstellig.

Die interpretatiewe studie is met Graad 6- leerders by ‘n laerskool in die Wes-Kaap voltooi. Die ondersoek is deur middel van ‘n kwalitatiewe studie gedoen wat die leerders se ervaring van ‘n voorkomingsprogram wou bepaal. Die program is deur die navorser met inagneming van die konteks en die sosio-ekonomiese omstandighede van die skool en die leerders saamgestel. Data is deur observasie, semi-gestruktureerde onderhoude en fokusgroepe ingesamel, wat daarna getranskribeer en volgens temas gekategoriseer is.

Die temas wat geïdentifiseer is, is meestal ervarings na afloop van die program, asook vaardighede wat in die toekoms gebruik sal word. Die hoofbevinding was dat, alhoewel leerders bereid is om te leer hoe oor boeliery, boeliery tog dieper lê as dit wat met die blote oog gesien kan word. Die probleem het dus indiepte- aandag nodig. Die boodskap wat die studie wil oordra, is dat elke opvoedkundige instansie die eerste stap moet neem om die boelie probleem aan te spreek en sodoende verandering voort te bring en ‘n verskil te maak.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

ERKENNINGS

Eerstens wil ek die **Hemelse Vader** bedank vir die insig, wysheid en kennis wat hy aan my verleen het tydens die uitvoer van hierdie studie.

My studieleier, **Me.Lynette Collair**, baie dankie vir u wysheid en geduld tydens hierdie proses en dankie dat u in my geglo het en hierdie proses makliker gemaak het deur u professionalisme.

Dankie aan **elke dosent** dat julle die aanbieding van klasse so interessant aangebied het tydens hierdie reis.

My ouers, **Kevin en Sandy Goliath**, baie dankie vir jare lange se opofferings, motivering en waardes en dankie dat julle my opvoeding tot dusver moontlik gemaak het, deur vir my te bid en in my te glo. Vir beter ouers kon ek nie vra nie.

Die **prinsipaal** by die opvoedkundige instansie, baie dankie dat ek die studie daar kon voltooi, dat u beskikbaar was vir ‘n onderhoud en dat u verlof toegestaan het wanneer dit ‘n behoefte was. Baie dankie ook aan die **opvoeder** vir u beskikbaarheid vir ‘n onderhoud.

Dankie aan **elke ouer en leerder** vir hul instemming en toestemming.

Dankie aan my **skoonouers en vriendinne** dat julle huise altyd oop was en dat ek daar kon oornag wanneer dit nodig was.

Laastens, baie dankie aan my man, **Gareth Geldenhuys**. Dankie dat jy my emosionele wel-wees deurentyd op die hart gedra het. Ek is ook dankbaar vir al die kere wat jy die meeste van die huishoudelike take sonder skroom oorgeneem het. Bowenal, dankie dat jy in my glo.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

INHOUDSOPGAWE

VERKLARING i

ABSTRACT ii

OPSOMMING iii

ERKENNINGS iv

HOOFSTUK 1: KONTEKSTUALISERING EN RELEVANSIE VAN DIE NAVORSING 1

1.1 Inleiding 1

1.2 Agtergrond en rasionaal van die studie 2

1.2.1 Persoonlike motivering 4

1.3 Navorsingsprobleem 4

1.3.1 Die navorsingsvraag 6

1.4 Doel en die doelwitte 6

1.5 Navorsingsontwerp en metodologie 7

1.5.1 Die navorsingsparadigma 7

1.5.2 Die navorsingsontwerp 7

1.5.3 Die navorsingsmetodes 8

1.5.3.1 Keuse van deelnemers 8

1.5.3.2 Data-insameling 8

1.5.3.3 Data-analise 9

1.5.3.4 Betroubaarheid 9

1.5.3.5 Etiese beskouing 10

1.6 Konsepverklaring 11

1.6.1 Boeliery 11

1.6.2 Die boelie 11

1.6.3 Die geboeliede/slagoffer 12

1.6.4 Die voorkomingsprogram 12

1.7 Uitleg van hoofstukke 13

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

HOOFSTUK 2: LITERATUURSTUDIE EN TEORETIESE RAAMWERK 14

2.1 Inleiding 14

2.2 Definisie van boeliery 14

2.3 Die soorte boeliery 17

2.4 Redes vir boeliery 19

2.5 Boeliery onder seuns en dogters 21

2.6 Waar boeliery voorkom en die nagevolge daarvan 23

2.7 Die verskillende rolspelers by die opvoedkundige instelling 24

2.7.1 Die opvoeders 24

2.7.2 Die boelie 25

2.7.3 Die toeskouer 26

2.7.4 Die slagoffer 27

2.8 Intervensies asook anti-boelieprogramme rondom boeliery 27

2.9 Menseregte 31

2.10 Slot 31

HOOFSTUK 3: DIE NAVORSINGSONTWERP EN -METODOLOGIE 33

3.1 Inleiding 33

3.2 Die navorsingsvraag 33

3.3 Doel van die navorsing 33

3.4 Kwalitatiewe navorsing 34

3.5 Die paradigma 34

3.6 Die navorsingsontwerp 35

3.7 Die plek van navorsing 38

3.8 Die boelievoorkomingsprogram 40

3.8.1 Die inleiding 41

3.8.2 Sosiale vaardighede 41

3.8.3 Konflikhantering 42

3.8.4 Kinderregte en verantwoordelikhede 42

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

3.8.5 Empatie 43
3.8.6 Selfvertroue 43
3.9 Keuse van deelnemers 44
3.10 Datagenerering 45
3.10.1 Semi-gestruktureerde onderhoude 45
3.10.2 Waarneming 45
3.10.3 Fokusgroepe 45
3.10.4 Joernaal 46
3.11 Data-analise 46
3.12 Faktore wat data beïnvloed het 47
3.13 Etiese aspekte 47
3.14 Betroubaarheid en geldigheid 49
3.15 Slot 50

HOOFSTUK 4: NAVORSINGSBEVINDINGE EN BESPREKING 52
4.1 Inleiding 52
4.2 Demografiese voorstelling van deelnemers 52
4.3 Bevindinge 53
4.3.1 Die voorkomingsprogram 53
4.3.1.1 Selfgelding 53
4.3.1.2 Empatie 56
4.3.1.3 Samewerking 57
4.3.1.4 Selfagting 59
4.3.1.5 Onaangenaamheid 60
4.3.1.6 Sosio-ekonomiese toestande 61
4.4 Aanbevelings voorspruitend uit studie 62
4.5 Refleksie van navorser 63
4.6 Slot 66

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

VERWYSINGS 67

ADDENDUM A: Toestemming vanaf WKOD 72

ADDENDUM B:Toestemming vanaf opvoedkundige instansie 73

ADDENDUM C:Inwilliging van deelname 74

ADDENDUM D: Boeliegedrag getoon 77

ADDENDUM E:Ontleding van konfliksituasie 78

ADDENDUM F:Kinderregte 79

ADDENDUM G:Boelie scenarios 80

ADDENDUM H: Positiewe plakkers 81

ADDENDUM I: Opvoeder transkripsie 82

ADDENDUM J:Uittreksel uit fokusgroepe 84

ADDENDUM K:Prinsipaal transkripsie 85

ADDENDUM L:Observasie skedule 86

ADDENDUM M: Taalversorging sertifikaat 90

ADDENDUM N: Opvoeder en Prinsipaal vraelys 91

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

LYS VAN TABELLE EN FIGURE

Figuur 3.1: Aksienavorsingspiraal…… 37

Figuur 4.1: Demografiese inligting van deelnemers…….. 52

Tabel 4.1: Temas voorspruitend uit die studie……. 53

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

HOOFSTUK 1: KONTEKSTUALISERING EN RELEVANSIE VAN DIE NAVORSING

1.1 Inleiding

Verskeie navorsingstudies toon dat boeliery ‘n wêreldwye probleem is (Carney & Merell, 2001; Smit, 2003; Liang, Flisher & Lombard, 2007; Townsend, Flisher, Chikobvu, Lombard & Kind, 2008). Verskeie voorkomingsprogramme is reeds in ontwikkelde lande van stapel gestuur en daar is ‘n toename in navorsing oor boeliery, maar daar is baie min leesstof aangaande navorsing in die Suid-Afrikaanse konteks (Smit, 2003). In die Suid-Afrikaanse onderrigkonteks het boeliery die gevolg dat leerders die skool verlaat as gevolg van die feit dat hulle slagoffers daarvan is (Townsend et al., 2008). Boeliery het dus negatiewe gevolge en ‘n invloed op betrokke partye se volwasse lewens (Maree, 2005), omdat hulle kwesbare herinneringe onthou dus is dit noodsaaklik dat boeliegedrag verhoed word terwyl die boelie relatief jonk is, sodat toekomstige gevalle voorkom of verminder word.

Volgens Olweus (1993) word ‘n leerder geboelie of geviktimiseer wanneer hy of sy oor ‘n tydperk blootgestel word aan negatiewe aksies deur een of meer leerders. Boeliegedrag is as ‘n probleem by die skool waar ek tans onderrig, geïdentifiseer. Ek het beplan om ‘n voorkomende program vir Graad 6- leerders te implementeer en dan oor die program te reflekteer om sodoende veranderinge te maak vir die volgende rondte van implementering. Tydens die program sal vaardighede aangeleer word by diegene wat hulle wangedra by dié wat geviktimiseer word en by diegene wat nie by boeliery betrokke is nie, sodat toekomstige negatiewe gedrag moontlik voorkom kan word en sodat die leerders weet hoe om hulself teen toekomstige boelie gevalle te beskerm.

Die gedragsverandering moet egter by die kind wat boelie begin, omdat die kind die primêre bron van verandering is. Daar is reeds programme in Suid-Afrika in werking om die boelie-probleem aan te spreek, maar voorkomingsprogramme vir hierdie leerders is ‘n behoefte in Suid-Afrika (Smit, 2003).

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

1.2 Agtergrond en rasionaal van die studie

"On another occasion I was thrown to the ground in a physical education class, in full view of the teacher, who never said a word…probably because the perpetrator was a member of the first rugby team, and teachers' blue-eyed boy. I have never stopped hating these thugs and their inept teachers. I will always side with the underdog; I will always hate senseless power. And I guess I will always have a low self-esteem."
(Maree, 2005)

Bostaande aanhaling dien as bewys van die negatiewe effek wat boeliery op 'n slagoffer het en opvoeders is nie altyd van hierdie probleem bewus. Leerders ervaar lewenslange nagevolge, en sommige opvoeders kyk toe en toon geen begrip nie, omdat die opvoeders dalk nie die erns van die saak besef nie. Eers in die 1970's het boeliery 'n fenomeen van sistematiese navorsing geword. Vir 'n aantal jare was hierdie kwessie beperk tot Skandanawië en slegs in die vroeë 1980's en 1990's het boeliery die aandag van ander lande getrek (Smit, 2003). Dit is egter 'n internasionale probleem (Carney & Merrel, 2001) wat aandag geniet en verskeie intervensieprogramme is in ontwikkelde lande geloods. So 'n intervensieprogram, genaamd, "The Olweus Bullying Prevention Programme (OBPP)" is 'n program wat ontwerp is om boeliery in skole te verminder en om beter verhoudings onder kinders te bewerkstellig.

Die program het sy oorsprong in die jaar 1983 gehad, toe drie adolossente selfmoord gepleeg het en die Noorweegse Departement van Onderwys besluit het om 'n anti-boelieveldtog te loods (Olweus, 1993a; Olweus, Limber & Michalic, 1999; Olweus et al., 2007). Hierdie program se doel was om boeliegedrag te verminder, nuwe gevalle van boeliery te voorkom en beter sosiale vaardighede aan te leer. Die program het 'n afname in boeliegedrag tot gevolg gehad. Die program word op vier vlakke uitgevoer, naamlik: die skool, die klaskamer, die individu en die gemeenskap. Carney en Merrel (2001) toon aan dat die program se effektiwiteit nie opgevolg is nie en dus kon die sukses van die program nie bepaal word nie.

Verskeie intervensieprogramme is dus reeds in ander lande uitgevoer en het suksesvolle resultate gelewer, maar daar is 'n behoefte aan hierdie programme in die Suid-Afrikaanse konteks (Smit, 2003). 'n Navorsingstudie in Suid-Afrika het

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

getoon dat 60% van leerders wat in Graad 1 ingeskryf is, die skool verlaat weens boeliegedrag voordat hulle Graad 12 voltooi (Townsend et al., 2008). Opvoeders se primêre doel is om leerders vir die wêreld daarbuite voor te berei, maar opvoeders se pogings sal onsuksesvol wees as leerders die skool te vroeg verlaat.

Boeliery moet teengestaan word sodat hierdie kwessie uit die weg geruim kan word, omdat dit negatiewe en gewelddadige gevolge in die toekoms kan hê (Maree, 2005) en daarom hoop (Smit, 2003) dat die probleem op groot skaal nagevors word met programme wat geïmplementeer word om die ernstige probleem aan te spreek. Boeliegedrag is meestal in skole te vind, omdat leerders baie tyd in skole spandeer (Smit, 2003). Opvoeders is selde bewus van boelie- gevalle. Onderskraging van slagoffers en teenstand teen boelies moet dus binne skoolkonteks geskied waar boeliery gewoonlik voorkom (Carney & Merrell, 2001; Neser et al., 2004; Liang et al., 2008; Townsend et al., 2008, Olweus, 1993:59).

Boeliery het ‘n langdurige uitwerking op slagoffers en negatiewe gevolge op leerders se skoolwerk (Smit, 2003). Daar is nog nie ‘n nasionale strategie teen boeliery nie (Maree, 2005). ‘n Voorkomingsprogram is dus nodig om die omvang van die probleem te verminder.

1.2.1 Persoonlike motivering

Boeliery is dus as ‘n probleem in my opvoedkundige konteks geïdentifiseer. Daar is verskeie redes waarom leerders afknougedrag teenoor ander leerders openbaar. Hulle wil bewys hoe sterk hulle is, hulle doen dit vir plesier of om ‘n ander leerder “terug te kry” (Neser et al., 2004). Boeliery vind nie net plaas as gevolg van die boelie se fisiese grootte nie, maar familie- agtergrond kan ook ‘n invloed op die ekwilibrium van die boelie hê (Lee, 2004:23). Faktore soos televisie, video’s en flieks dra by tot aggressie by boelies (Olweus, 1993:45) asook verskeie kontekstuele faktore omdat ‘n individu se gedrag nie in isolasie bestaan nie (Lee, 2004:47). Kinders sien die akteurs as rolmodelle en wil ook aggressiewe gedrag toepas soos die akteurs op televisie of in sekere video’s. Hierdie kontekstuele faktore sluit die volgende in: die geografiese plek waar ‘n kind woon, die omgewing en gemeenskap waarin ‘n kind opgroei, stabiliteit van die gemeenskap, sosio-ekonomiese omstandighede, ouerbetrokkenheid en verskillende verhoudinge met verskillende individue.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

In my opvoedkundige omgewing besoek verskeie leerders die kantoor as gevolg van boeliery, en opvoeders en die skoolhoof is raadop met hierdie probleem. Leerders kla dat ander leerders hulle terg, hulle kos afvat, hulle pla tydens pouses, hulle skryfbehoeftes vat en hulle spot; hulle individuele regte word dus aangetas. Die Departement van Onderwys beskou hierdie kwessies as ernstig, omdat die leerders se grondwetlike reg tot vryheid, opvoeding, gelykheid en menswaardigheid aangetas en van hulle ontneem word (Departement van Onderwys, 2014). Skole moet dus seker maak dat leerders veilig en geborge by die skool is en die gedragskode moet voorsiening maak vir ‘n antiboelie-beleid waar kinders geskors mag word (DBE, 1998: item 11) om sodoende die regte van leerders en opvoeders, sowel as ouers te verseker.

Hierdie program poog dus om die leerders se ervaring van die voorkomingsprogram te verstaan en om die opvoeders se ervaring rondom leerders se gedrag na die implementering van die program te verstaan. Die program is deur die navorser aangepas vir die navorsingskonteks op grond van die vak, Lewensvaardigheid, en is ook deur middel van navorsing oor ander programme saamgestel. Hierdie program is vir die spesifieke konteks van die opvoedkundige instansie opgestel en maak voorsiening vir die gemeenskap waarin die leerders opgroei. Hierdie program is dus uniek en kan as “anders” beskou word in vergelyking met vorige programme. Dit is nog nie voorheen uitgevoer nie en hierdie rondte sal die eerste rondte van implementering wees.

‘n Studie rondom die bekamping van boeliery is ‘n behoefte in die Suid-Afrikaanse konteks. Ek argumenteer dat, indien die boelie- probleem opgelos kan word, sal vrees vir skool, afwesigheid en akademiese agteruitgang wat lei tot skoolverlating (Townsend et al., 2008) verminder, en die land sal meer suksesvolle individue kan kweek.

1.3 Navorsingsprobleem

Soos alreeds genoem, is boeliery ‘n wêreldwye probleem wat nog nie opgelos is nie, maar dat daar wel programme in ander lande uitgevoer is om die probleem te verminder (Smit, 2003). Die OBPP het suksesvolle resultate getoon nadat die

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

program uitgevoer is, en boeliery het afgeneem (Olweus, 2010). ‘n Studie, genaamd, “The Whole School Response programme” is gabaseer op Olweus se program en hierdie program is in Groot Brittanje uitgevoer (Carney & Merrell, 2001). Al die skole het nie die nodige beplanning gedoen sodat die program suksesvol geïmplementeer kon word nie. Alle skole kon egter beleide aanpas en het gebruik gemaak van sommige kurrikulumhulpbronne. Die program het gelei tot ‘n 17%- afname in boeliery (Carney & Merrell, 2001). Die program wat ek as navorser beplan vir die Suid-Afrikaanse konteks, het voorsiening gemaak vir ‘n indiepte- beplanning, deur na te vors oor ander programme, anders as bogenoemde program, maar die program het ook aan verhoudinge en sosiale vaardighede aandag geskenk soos bogenoemde program. ‘n Ander program,“Quit It!”, is ook ‘n skoolgebaseerde program wat veiligheid in skole verseker. Die fokus was op die klasopvoeder en wat hy of sy kon doen om die boelieprobleem aan te spreek. Die program in hierdie studie was nie gefokus op die opvoeder en wat hy of sy kan doen om die probleem te verminder nie, maar was wel op die leerders gebaseer om sodoende te verseker dat positiewe individue vir die skoolomgewing gekweek word. Versekering van veiligheid vir leerders, soos in bogenoemde program, is dus ook nagestreef. Al hierdie programme het ‘n tekort aan gereelde terugvoering om bewusmaking en motivering te laat plaasvind. Sonder hierdie komponent is enige program onsuksesvol. My studie het egter terugvoering verskaf, om voorsiening te maak vir die volgende rondte van implementering.

Daar is verskeie studies in die Suid-Afrikaanse konteks voltooi, maar ‘n studie deur ‘n student aan die Universiteit van Pretoria is uitgevoer waar daar ‘n ekologiese gevallestudie gedoen is om na die probleem te kyk. Verskillende rolspelers is in die studie genader. Sy meld dat alle rolspelers betrokke moes wees in die uitvoer van ‘n voorkomingsprogram en ook dat beleide in ag geneem moes word (Timm & Eskell-Blokland, 2011). My program het egter nie gebruik gemaak van alle rolspelers in die individu se lewe nie, maar het vir hierdie rondte slegs op die kind self gefokus. Die studie poog wel om ‘n beleid, wat in die skoolomgewing gebruik kan word, in plek te stel.

Alhoewel daar reeds verskeie programme in ander lande uitgevoer is, verskil Suid-Afrika se konteks van ander lande deurdat Suid-Afrika se ekonomie en omstandighede verskil van die van ander lande. ‘n Program vir ons spesifieke

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

konteks is nodig en ’n program wat in ‘n ander konteks uitgevoer is, kan nie net in hierdie konteks waar die omstandighede verskillend van aard is, herhaal word nie. Die verandering moet dus by die oorsaak plaasvind sodat boeliery kan verminder of toekomstige gevalle verhoed kan word. Die kind kan slegs verander, indien hy/sy ondersteun word om sy gedrag te verander. ‘n Voorkomingsprogram is dus ‘n behoefte in Suid-Afrika en is nodig om ‘n kind met die nodige vaardighede toe te rus om sy of haar gewoontes te verander of te verminder.

Na afloop van die program moet refleksies geskied om te identifiseer hoe die program vir ‘n volgende rondte verbeter en verder ontwikkel kan word. Hierdie studie sluit dus ‘n voorkomingsprogram in en refleksies, terugvoerings en ervarings word weergegee.

1.3.1 Die navorsingsvraag

Die primêre navorsingsvraag vir die studie, was:

- Wat was die leerders in ‘n spesifieke laerskool se ervaring van die boelievoorkomingsprogram?

Die sekondêre vrae was:

- Wat het die leerders tydens die uitvoer van die program geleer?
- Wat het opvoeders in verband met leerders se gedrag na die implementering van die voorkomingsprogram opgelet?

1.4 Doel en die doelwitte

Die doel van hierdie kwalitatiewe studie was tweeledig: eerstens om die leerders se ervaring van die voorkomingsprogram te verstaan, en tweedens om die opvoeders se ervaring rondom leerders se gedrag na die implementering van die program te verstaan.

Die doelwitte van die studie was om te:

- verseker dat voorkomingsmeganismes in plek gestel word.
    - voorkom dat kinders se menseregte in die toekoms geskend word.
- verseker dat ‘n beleid vir die skool in plek gestel word.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

- Poog dat die voorkomingsprogram verandering met betrekking tot gedrag sou aanmoedig.

1.5 Navorsingsontwerp en metodologie

Die ontwikkeling van ‘n navorsingsontwerp sluit vier dimensies in volgens Terre Blanche en Durrheim (1999) naamlik: die doel van die studie, die paradigma, die konteks waarbinne navorsing sal plaasvind en die tegnieke wat gebruik word om die data in te vorder en te analiseer. Die doel van die studie en die tegnieke om data te bekom, moet logies gerangskik word binne die navorsingsraamwerk wat deur die gekose paradigma voorsien word.

1.5.1 Die navorsingsparadigma

Na blootstelling aan die voorkomingsprogram het ek as ‘n kwalitatiewe navorser daarin belang gestel om te verstaan wat die leerders se ervaring rondom die program was, om die leerders se verskillende realiteite te verstaan (Merriam, 1998) en die inligting vir verdere ontwikkeling van die program te gebruik en daarom het ek beplan om my navorsing deur die lens van ‘n interpretatiewe paradigma uit te voer. Ek stel belang in hoe die individu die wêreld sien en watter faktore hierdie siening beïnvloed. Die interpretivistiese paradigma is geskik vir navorsers wat omgee oor die betekenis wat mense aan feite heg (Terre Blanche & Durrheim, 1999) en daar bestaan nie net een nie, maar verskeie realiteite (Merriam, 2009).

Hierdie studie was kwalitatief van aard en het gebruik gemaak van ‘n induktiewe benadering waar inligting vanaf deelnemers bekom is. Hierdie kwalitatiewe studie verduidelik hoe al die dele saamwerk as ‘n geheel om die probleem te voorkom of te verminder. Volgens Terre Blanche en Durrheim (1999) is paradigmas stelsels of interverwante veronderstellings van ontologie, epistemologie en metodologie.

1.5.2 Die navorsingsontwerp

Die tipe navorsingsontwerp wat gebruik is, was aksienavorsing. Aksienavorsing volgens Shani & Pasmore verwys na ‘n opkomende ondersoek waarin toegepaste wetenskaplike kennis met bestaande organisatoriese kennis geïntegreer word en toegepas word om probleme op te los (soos aangehaal in Coghlan & Brannick, 2010). Aksienavorsers ontdek ‘n praktiese probleem en stel ‘n doelwit om ‘n

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

oplossing vir die probleem te vind. Aksienavorsingsontwerpe volgens Mills is dus ‘n sistematiese proses wat deur opvoeders of individue in ‘n opvoedkundige omgewing uitgevoer word en dus poog om die spesifieke omgewing se gewoontes, hulle onderrig en die leerders se leer te verbeter (soos aangehaal in Creswell, 2012:576). Die tipe aksienavorsing wat vir hierdie studie geskik was, was die Praktiese-aksienavorsing (PAN) wat ‘n poging was om probleme in my eie klaskamer na te vors sodat leerders in my klasomgewing se leer en hul eie professionele optrede (in hierdie geval leer en gedrag) kon verbeter (Creswell, 2012:579).

1.5.3 Die navorsingsmetodes

1.5.3.1 Keuse van deelnemers

Die populasie vir die studie was Graad 6- leerders in die intermediêre fase, omdat navorsing toon dat boeliery in hierdie fase toeneem (Smit, 2003). Die deelnemers moes dus tussen die ouderdomme van 11 tot 13 jaar wees en dit is die gemiddelde ouderdomme wat intermediêre leerders in die algemeen is. ‘n Doelgerigte steekproef is beplan, omdat die deelnemers inligtingsryk is, maar was nie moontlik by die uitvoer van die program nie omdat slegs die deelnemers wat instemming en toestemming verleen is, kon deelneem aan die program. Volgens Patton (2002) lewer ‘n doelgerigte steekproef insig, en begrip word uit bronne verkry wat insiggewende informasie besit. Die program het na skool geskied, en die leerders wat nie toestemming van hul ouers gehad het nie, of nie ingestem het om deel te neem nie, het soos normaal verdaag. Die navorser is ‘n Graad 6- opvoeder, maar daar is ook gebruik gemaak van die ander twee Graad 6- klasse om te verseker dat die leerders nie net deelgeneem het omdat dit hul klasopvoeder was nie, so is vrywilligheid van deelname verseker.

1.5.3.2 Data-insameling

Data is op verskeie maniere gegenereer. Eerstens het die navorser waarnemings gedoen om te identifiseer of boeliegedrag wel voorkom voor die implementering van die program. Hierdie observasies is opgeteken in die navorsingsjoernaal en is gebruik as refleksies en veldnotas. Aksienavorsing maak dit vir opvoeders moontlik om te reflekteer oor hul eie praktyke (Creswell, 2012:579). Die leerders wie ingestem het en wie se ouers toestemming verleen het, is tydens pouses, vir twee weke, deur

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

die navorser geobserveer sodat hul aksies rondom boeliery geïdentifiseer kon word. Fisiese boeliery soos skop, slaan, pootjie is geobserveer. Verbale boeliery, soos terg of name noem, is geobserveer, asook isolasie soos uitsluiting van ‘n leerder, en subtiele boeliery soos die aanraking van ‘n ander op ‘n ongewenste manier. Op hierdie manier is daar geïdentifiseer of boeliery in meer as een vorm onder leerders voorkom. Hierdie observasie was noodsaaklik sodat die program op grond van hierdie aksies ook aangepas kon word. Fokusgroepe is na afloop van die program gehou sodat die leerders kon weergee wat hul ervaar het, onder andere: wat hul geleer het, waarvan hul gehou het, waarvan hul nie gehou het nie en wat hul in die toekoms uit die program sal gebruik. Temas is daaruit geïdentifiseer en gekodeer.

Data is ook gegenereer deur gebruik te maak van semi-gestruktureerde onderhoude met die hoof en ‘n opvoeder oor hulle waarneming van die leerders se gedrag. Die hoof kom in aanraking met leerders en probleemleerders word na hom verwys. Die hoof is ook bewus van die atmosfeer rondom boeliery by die skool, dus was die hoof geskik vir onderhoudsvoering. Onderhoude is elektronies opgeneem, getranskribeer en gekodeer volgens temas.

1.5.3.3 Data-analise

Terre Blanche, Durrheim en Painter (2006) meld dat die analise van data dit moontlik maak om verduidelikings van deelnemers te verstaan, ‘n beter begrip en interpretasie van die deelnemers se belewenisse te ontwikkel. Vir die analisering van data is dit noodsaaklik dat al die data reeds ingesamel is en dan saamgevoeg word. Data is ingesamel en getranskribeer en ‘n induktiewe benadering is gevolg waar die belangrike temas en subtemas kodeer is (Patton, 2002) soos dit in die transkripsies voorkom. ‘n Tematiese inhoudsanalise het dus geskied. Daarna is die data geïnterpreteer. (Dit was dus belangrik dat die navorser bewus moes wees van haar posisie tydens die navorsing). Gevolgtrekkings is saamgestel sodat data duidelik en verstaanbaar is en hierdie data word in die vorm van temas aan die lesers aangebied.

1.5.3.4 Betroubaarheid

“Trustworthiness has to do with the confidence with which a given set of findings can be acted upon by practitioners” (Carnine, 1995). Ek, as navorser, het van verskeie

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

literatuur gebruik gemaak om die aard van die onderwerp na te vors, dus is ek seker oor die probleem. Volgens die bronne kon daar met selfvertroue gesê word dat daar ‘n behoefte aan ‘n voorkomingsprogram in die Suid-Afrikaanse konteks is. Verifikasie van data is ook gedoen deur die verskillende bronne se inhoud met mekaar te vergelyk. Tydens die implementering van die program is daar gebruik gemaak van verskeie komponente wat teen mekaar opgeweeg is en die beste inhoud, volgens navorsingskonteks, is gebruik. Betroubaarheid het ook te make met die terugvoering (Carnine, 1995) van die leerders se ervaring, en deur gebruik te maak van fokusgroepe het hierdie studie gepoog om effektiewe terugvoering vanaf deelnemers te ontvang. Na die implementering van die program is daar gebruik gemaak van refleksies waar die navorser se ervaring van die program opgeteken is en veranderinge gemaak is om die volgende rondte van implementering meer effektief uit te voer. Die program het dus professionele ontwikkeling ondergaan deur te kyk na verskillende elemente rondom dit wat suksesvol en onsuksesvol was tydens die uitvoer van die program.

1.5.3.5 Etiese beskouing

Weens die sensitiewe aard van die navorsing, is daar verskeie etiese kwessies wat in ag geneem moes word. Hierdie kwessies sluit in: die invloed van die navorser tydens die insameling van die data, die ingeligte instemming en toestemming vanaf die deelnemers, die skep van ‘n veilige en betroubare omgewing, die ontwikkelingspeil van die deelnemers, die vertroulikheid en die anonimiteit van die deelnemers.

Toestemming vanaf die Wes-Kaapse Onderwys Departement (WKOD) (Addendum A) asook die skool (Addendum B) moes verkry word om die navorsing by ‘n skool te doen. Die navorser is die primêre instrument van data generering (Merriam, 1998), dus moes ek bewus wees van die maniere waarop ek die proses kon beïnvloed. Ek as navorser was bewus van ingeligte deelname en instemming vanaf deelnemers en toestemming vanaf ouers of voogde (Addendum C).

Die skep van ‘n veilige en betroubare omgewing was noodsaaklik in hierdie studie. Pseudonieme is vir elke deelnemer en die skool gegee. Elektroniese opnames van onderhoude is in ‘n dokument gestoor wat ‘n wagwoord vereis, sodat toegang tot die dokument nie maklik verkrygbaar is nie. Daar is aansoek gedoen vir etiese klaring by

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

die Etiese Komitee van die Universiteit van Stellenbosch wat dit wel verleen het. Die projeknommer is, SU-HSD-004233.

1.6 Konsepverklaring

1.6.1 Boeliery

Die konsep, “boelie”, word in die Kinderregte gevind waar boeliery as ‘n ernstige wandaad beskou word en as mishandeling gesien word, “where child abuse is defined as including bullying by another child: “abuse”, in relation to a child, means any form of harm or ill-treatment deliberately inflicted on a child” (De Wet, 2016). Volgens die WKOD verwys boeliery na gevalle waar ‘n persoon of ‘n groep hul mag misbruik om ‘n ander seer te maak of te intimideer (WKOD, 2018). Die Departement van Onderwys meld dat boeliery binne die klaskamer en op die speelgrond, asook buite die skool, dus die huis en gemeenskap, plaasvind en dat daar verskillende tipes boeliery geopenbaar kan word, en dat die negatiewe gedrag oor ‘n tydperk plaasvind (Departement van Onderwys, 2018).

Olweus (1993) sluit aan by hierdie stelling en meld dat boeliery verwys na enige opsetlike negatiewe optredes wat oor ‘n tydperk teenoor ‘n kind, deur ‘n ander kind of groep kinders wat hul mag misbruik, plaasvind.

1.6.2 Die boelie

Die persoon wat die aksie uitvoer, word as ‘n aktiewe boelie beskou terwyl die persoon wat toekyk hoe die aksie geskied, as ‘n passiewe boelie beskou word (Carney & Merrel, 2001), en hierdie persone word nie so gebore nie, die gedrag word egter aangeleer op grond van dit wat hulle ervaar en observeer soos hulle opgroei. ‘n Boelie word egter gevorm en op grond van die tipe boelie moet intervensie geskied. ‘n Boelie toon hoë vlakke van psigiatriese (hoe ’n persoon voel, optree, dink of dinge waarneem) en fisiese (hoe ’n persoon optree) simptome Salmon, James & Smith (soos aangehaal in Liang et al., 2007) en kies gewoonlik slagoffers wat spesifiek swakker en relatief geen verweer toon nie (Olweus, 1993:58).

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

1.6.3 Die geboeliede/slagoffer

Die slagoffer is gewoonlik die een wat nie “inpas” nie en dus “anders” is volgens die boelie (Thornberg, 2011) en op wie die aksies uitgevoer word. Hierdie aksies het ‘n langdurige uitwerking op die een wat geboelie word (Smit, 2003), omdat die slagoffer hom- of haarself gewoonlik nie kan verdedig nie en dus as ‘n swak persoon beskou word (Gini, Pozzoli, Borghi, & Franzoni, 2008). Die slagoffer se menseregte word geskend (Brewer, 2008) en die slagoffer moet dus beskermingsvaardighede aangeleer word sodat selfbeskerming kan geskied en sodat daar in die toekoms veranderinge in die een wat geboelie word, se gedrag kan plaasvind.

1.6.4 Die voorkomingsprogram

Hierdie program het gebruik gemaak van die vak, Lewensvaardigheid, en is binne die konteks van die vak opgestel en aangepas volgens die navorsingskonteks. Die skoolprogram het egter soos normaal verloop en alle leerders het die Lewensvaardigheidslesuur bygewoon. Die program is ná skool geïmplementeer en leerders wat ingestem het en toestemming van hulle ouers gehad het, het aan die program deelgeneem. Die wat nie deelgeneem het nie, het soos gewoonlik verdaag.

Die leerders het verskillende sosiale vaardighede aangeleer, sodat hulle beter menseverhoudings kan bou in die toekoms. Probleemoplossingsvaardighede is aangeleer, sodat probleme soos kommunikasie en sosiale vaardighede op ‘n doeltreffende manier opgelos kan word. Die leerders is ook van hulle kinderregte en verantwoordelikhede bewus gemaak sodat hulle in staat sal wees om hulleself te verdedig en te handhaaf. Om met empatie teenoor ander op te tree is ‘n vaardigheid wat nie deur almal besit word nie. Hierdie program poog om leerders bloot te stel aan empatie sodat hulle medelye teenoor ander toon. Laastens was selfagting as ‘n vaardigheid ‘n fokuspunt, sodat leerders in staat sal wees om beter oor hulself te voel en dink.

Leerders was aktief betrokke in die program, aangesien die program interaktief van aard is. Speletjies is gespeel, rolspel is uitgevoer en kunswerke is ten toon gestel. Die program poog om op ‘n kreatiewe manier verskillende vaardighede en kennis aan die leerders oor te dra. Die voorkomingsprogram sal in Hoofstuk 3 bespreek word.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

1.7 Uitleg van hoofstukke

HOOFSTUK 1: KONTEKSTUALISERING EN RELEVANSIE VAN DIE NAVORSING

Hierdie hoofstuk dien as inleiding tot die studie, skets die agtergrond van die studie, en stel die navorsingsprobleem. Die doel en doelwitte, die navorsingsontwerp, die metodologie, die konsepverklaring en die uitleg van die hoofstukke word gegee.

HOOFSTUK 2: LITERATUURSTUDIE EN TEORETIESE RAAMWERK

Die literatuurstudie fokus op die internasionale sowel as die nasionale faktore rakende die konsep, boeliery, en die voorkoming daarvan asook ander verwante kwessies wat in die bespreking na vore tree.

HOOFSTUK 3: DIE NAVORSINGSONTWERP EN -METODOLOGIE

Die empiriese studie word verduidelik in die konteks van kwalitatiewe navorsing, asook die navorsingsparadigma en –ontwerp, die metodologie van die studie, sowel as die metodes wat gebruik word om die data in te samel. Die etiese aspekte asook die betroubaarheid van die studie word hier bespreek.

HOOFSTUK 4: NAVORSINGSBEVINDINGE EN BESPREKING

‘n Bespreking van die uitkomste en resultate met temas van die studie word bespreek. Finale opmerkings, aanbevelings, sterkpunte en areas van ontwikkeling van die studie word ook in hierdie hoofstuk gemaak en bespreek.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

HOOFSTUK 2: LITERATUURSTUDIE EN TEORETIESE RAAMWERK

2.1 Inleiding

Die literatuuroorsig is ’n belangrike deel van die beplande navorsing. Volgens Boote en Beile (2005) is die literatuuroorsig ‘n geëvalueerde verslag van die studies wat alreeds gedoen is en verband hou met die gekose onderwerp van spesifieke navorsing. Die doel van die literatuuroorsig is om ‘n teoretiese raamwerk vir die spesifieke studie te ontwikkel en argumente te versterk. Hierdie literatuurstudie het gepoog om die sentrale argument dat boeliery as ’n probleem beskou word, wat in Hoofstuk 1 geargumenteer is, verder uit te brei en dit binne die bestaande literatuur te posisioneer. Die funksie van hierdie literatuuroorsig is om inligting weer te gee uit navorsing wat alreeds rondom boeliery, internasionaal en nasionaal, gedoen is.

Die doel van hierdie kwalitatiewe studie is tweeledig: eerstens, om die leerders se ervaring van die voorkomingsprogram te verstaan, en tweedens, om die opvoeders se ervaring rondom leerders se gedrag na die implementering van die program te verstaan. Die studie se fokus en belangrikheid lê daarin dat daar op boeliery in ‘n laerskool, deur middel van ‘n selfontwikkelde voorkomingsprogram, gefokus is om sodoende die probleem in die toekoms te verklein. In hierdie hoofstuk word literatuur rondom die definisie van boeliery, die soorte boeliery, die redes vir boeliegedrag asook boeliery onder seuns en dogters bespreek. ’n Bespreking oor waar die gedrag voorkom en die nagevolge daarvan, die verskillende rolspelers by die opvoedkundige instelling, intervensies asook anti-boelieprogramme en menseregte wat verband hou met boeliery, vind ook plaas.

2.2 Definisie van boeliery

Verskeie pogings is al aangewend om ‘n definisie vir boeliery saam te stel. Slegs ‘n paar pogings word vervolgens bespreek om duidelikheid oor watter aspekte op hierdie studie van toepassing is, te kry.

Olweus (1993) verwys na boeliery met betrekking tot ‘n leerder:

“A learner is being bullied or victimized when she or he is exposed, repeatedly over a period of time, to negative actions on the part of one or more learners. It is a

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

negative action when someone intentionally inflicts injury or discomfort upon another."

Hieruit kan duidelik afgelei word dat boeliery na negatiewe gedrag verwys, en negatiewe gedrag het gewoonlik negatiewe gevolge op leerders. Oor die algemeen terg en stry leerders onder mekaar terwyl daar interaksie tussen hulle plaasvind, dus verwys alle gedrag tussen leerders egter nie na boeliery nie. Indien leerders met dieselfde krag stry of baklei, word daar nie na boeliery verwys nie (Neser, Ladikos, & Prinsloo, 2004). Robinson en Maines (soos angehaal in De Wet & Jacobs, 2007) meld dat boeliery 'n tipe sosiale gedrag is wat dikwels groepe insluit en met herhaling en oor 'n tydperk plaasvind. Die WKOD verwys na boeliegedrag as wanneer 'n persoon of 'n groep sy/hulle mag misbruik om 'n ander seer te maak of te intimideer (WKOD, 2018). Die Departement van Onderwys meld dat boeliery binne en buite die skool plaasvind, dat daar verskillende tipes boeliery is en dat die negatiewe gedrag oor 'n tydperk plaasvind (Departement van Onderwys, 2018). Duy (2013) sluit hierby aan dat boeliery by die skool voorkom. By die skool kan leerders die gevalle by opvoeders en die prinsipaal aanmeld, maar buite die skool is die kind aan die ouer oorgelaat, en in baie gevalle dra die rol wat die ouer en die gemeenskap speel, by tot die kind se boeliegedrag. Baie leerders word nie so grootgemaak nie en dit is ook nie iets wat onbeheerbaar is nie. Boeliery verwys dus na gedrag wat afgeleer kan word (Smit, 2003). Ek argumenteer dat die skool die maklikste en algemeenste plek is waar interaksie tussen leerders kan geskied, veral gedurende pouses, omdat dit die plek is waar leerders mekaar elke dag sien. Die speelgrond is die plek waar leerders gewoonlik hul mag misbruik, wat aansluit by (Olweus, 1997) dat boeliery gebaseer word op die misbruik van krag, wat uit fisiese of geestelike krag kan bestaan. Olweus (1999) brei ook verder uit op sy definisie deur te noem dat boeliery herhaaldelik voorkom, maar een ernstige geval onder sekere omstandighede, kan ook as boeliery beskou word. Naylor, Cowie, Cossin, Bettencourt en Lemme (2006) versterk Olweus (1999) se stelling dat boeliery selfs na een gebeurtenis as boeliery beskou word.

Smith en Sharp (soos aangehaal in De Wet & Jacobs, 2007) meld dat:

"A student is being bullied or picked on when another student says nasty and unpleasant things to him or her. It is also bullying when a student is hit, kicked,

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

threatened, locked inside a room, sent nasty notes, and when no-one ever talks to him or her."

Boeliery verwys dus na enige vorm van opsetlike ongemak wat vir 'n ander persoon geskep word, asook enige vorm van gedrag teenoor 'n ander persoon wat veroorsaak dat die persoon negatief beïnvloed word.

Boeliery, volgens Naylor et al. (2006), verwys na 'n begeerte om stres of ongemak vir ander te veroorsaak, met die doel om vrees te skep by 'n slagoffer vir dit wat in die toekoms mag gebeur. Hier kan verwys word na 'n wanbalans Robinson & Maines (soos aangehaal in De Wet & Jacobs, 2007) tussen die mag van individue, en dat die een met meer mag daardie mag wil behou deur vrees in te boesem by die een met minder mag. Naylor et al. (2006) versterk my argument deur na boeliery te verwys as 'n magswanbalans, waar die een meer mag as die ander een het, en dit dus as 'n ongebalanseerde skaal beskou kan word. Die een wat die boeliegedrag openbaar, word as die "sterk" een beskou, terwyl die een wat geboelie word, as die "swak" een beskou word, omdat dit nie altyd moontlik is om hom of haarself te verdedig nie.

Soos reeds genoem is die algemeenste plek waar boeliery voorkom, die skool. Opvoeders en leerders is die hoofrolspelers in 'n skool, en hul definisies van boeliery verskil. Opvoeders beskou boeliery op grond van fisiese en verbale gedrag, asook die forsering van mense, in hierdie konteks, leerders, om iets teen hulle wil te doen "bullying in terms of physical and verbal abuse and forcing people to do things they do not want to do" (Naylor et al., 2006) en hier kan weereens verwys word na die ongebalanseerde skaal van mag. Leerders reageer gewoonlik op dít wat hulle sien, dus die sigbare; so 87% van ses- en sewejariges verwys na 'n bakleiery as boeliery (Naylor et al., 2006), dus kan ons argumenteer dat mense se ouderdomme die gesofistikeerdheid van hul definisies bepaal, want almal is verskillend en het verskillende realiteite, wat verwys na die ontologie, dus sien hulle die wêreld deur verskillende lense, en dit kan ook toegeskryf word aan die verskillende definisies wat individue konstrueer.

Rigby (2002) verwys na boeliery as 'n behoefte om ander herhaaldelik seer te maak. Hy verwys ook na die wanbalans van mag en dat boeliery die mees deurdringende vorm van geweld in skole is, en dat opvoeders, ouers en sielkundiges bekommerd is

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

oor hierdie kwessie. Hy maak verder die onderskeid tussen twee soorte boeliery, naamlik: nadelig en nie-nadelig. Nadelige boeliery verwys na gedrag wat opsetlik geskied met die doel om seer te maak: “bullying which is deliberate, intended to hurt and gratifying to the successful bully” (Rigby, 2002:49). Nie-nadelige boeliery is wanneer die slagoffer voel dat die boeliery opsetlik is en dat die boelie genot vind om hierdie aksie uit te voer - om die slagoffer seer te maak, terwyl die boelie onbewus is van die gevolge van sy of haar aksies, met ander woorde, dit is nie ‘n opsetlike aksie van die boelie om die slagoffer seer te maak nie (Rigby, 2002:50). Hier kan ons sien dat een mens van ‘n ander verskil en dat hulle verskillend reageer, afhangende van die konteks en die vorme van boeliegedrag, want wat vir die een persoon as nadelig beskou word, word vir ‘n ander as nie-nadelig beskou.

Kolstrein en Jofre (2013) definieer boeliery as herhaaldelike teistering deur een of ‘n groep leerders. Ons kan dus argumenteer dat boeliery nie net tussen twee individue plaasvind nie, maar ook tussen groepe (Kolstrein & Jofre, 2013; Neser et al., 2004) en dit kan omskryf word as negatiewe verbale, fisieke en of psigologiese gedrag volgens De Wet en Jacobs (2007).

Die algemeenste kenmerke van boeliery is dat dit herhaaldelik voorkom, (De Wet & Jacobs, 2007; Kolstrein & Jofre, 2013; Olweus, 1993; Townsend, Flisher, Chikobvu, Lombard, & King, 2008), dat die gedrag tussen individue of groepe kan plaasvind (Olweus, 1993; Neser et al., 2004) en dat boeliery verwys na ‘n wanbalans van mag, waar die boelie meer mag as die slagoffer uitoefen (Naylor et al., 2006; Rigby, 2002). Die verskillende definisies van boeliery kan toegeskryf word aan verskillende kontekste, en ongeag die verskillende menings rondom wat boeliery is, is die kwessie steeds ‘n fenomeen wat aandag moet geniet sodat die probleem in die toekoms oorkom en voorkom kan word.

2.3 Die soorte boeliery

Alhoewel daar nie ‘n standaard definisie vir boeliery geïdentifiseer kan word nie, word daar steeds verwys na verskillende soorte boeliery.

Volgens Rivers en Smith (1994) en Duy (2013) kan daar na boeliery as direkte en indirekte boeliery verwys word. Direkte boeliery verwys na gesig-tot-gesigkonfrontasie (Rivers & Smith, 1994) en openlike aanval teenoor die persoon

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

(Duy, 2013), terwyl indirekte boeliery na ‘n derde persoon wat betrokke is, verwys. Die aanvalsgedrag is meer verbaal, in plaas van fisiek (Rivers & Smith, 1994) en ‘n persoon word van ‘n groep (Duy, 2013) uitgesluit. Ek kan dus aflei dat hierdie gedrag sigbaar is en dat die buitestaanders hierdie gedrag kan identifiseer.

Verder verwys Duy (2013) na fisiese boeliery wat ook as ‘n soort boeliery beskou word en wat insluit: slanery, stotery en skoppery. Daar kan dus geargumenteer word dat fisiese boeliery met die liggaam wat negatief beïnvloed word, te make het. Verbale en psigologiese boeliery is verdere soorte waarna (Duy, 2013) verwys en wat insluit: naam- noemery, verbale mishandeling, dreiging, belediging en storieverspreiding. Om ander se eiendom te beskadig, die skryf van dreigende en vreesaanjaende notas en om iemand van ‘n groep uit te sluit, word beskou as psigologiese boeliery. Hierdie psigologiese boeliery verwys na gedrag wat die menswees van ‘n persoon aanraak, want indien jy van ‘n groep uitgesluit word, kan jy jouself as onbelangrik en minderwaardig beskou.

Hawker en Boulton (soos aangehaal in Duy 2013) ondersteun hierdie verwysing na die verskillende soorte boeliery, waar hul ook verwys na indirekte, fisiese en verbale soorte boeliery. Hulle brei egter verder uit deur te beweer dat boeliery ook in verhoudings kan voorkom. Om grappe van ander te maak en ander te teister of te martel word ook as soorte boeliery beskou, en ek wil beweer dat hierdie grappe verhoudings kan skend en selfbeelde negatief kan beïnvloed. Naylor et al. (2006) verwys ook na boeliery wat fisies en verbaal voorkom en ondersteun die stelling dat die gedrag opsetlik is en mense op sosiale vlak uitsluit. Soos voorheen genoem verwys boeliery na ‘n wanbalans en indien hierdie wanbalans herhaaldelik gebruik word, word dit volgens (Naylor et al., 2006) as boeliery beskou. Ek stem saam met hierdie stelling, want dit sluit aan by die definisie van (Olweus, 1993) dat, indien die aksie herhaaldelik plaasvind, dit as boeliery beskou kan word.

Ons kan alreeds ‘n korrelasie tref tussen die verskillende soorte boeliery, en dit is duidelik dat die literatuur mekaar ondersteun deur dieselfde kenmerke van boeliery te noem. Nog bewyse is dat (Gini et al., 2008) ook verwys na fisiese en-, verbale aanvalsmetodes, dreigemente en indirekte boeliery, as soorte boeliery. De Wet en Jacobs (2007) beweer ook dat deur iemand te dreig, te tart, te spot of te vloek, ook as boeliery beskou word. Fisiese kontak, byvoorbeeld om iemand te slaan, stamp,

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

skop of knyp word as boeliery beskou, asook om geen woorde te uiter nie of om nie fisies aan iemand te raak nie en slegs gesigte te trek, lelike tekens te maak of iemand met opset te ignoreer.

Kolstrein en Jofre (2013) ondersteun ook die feit dat fisiese, en verbale aggressie en uitsluiting as soorte boeliery beskou kan word, maar voeg egter by dat homofobiese boeliery op grond van iemand se etniese groep of agtergrond ook as nadelig beskou word. Rassistiese of xenofobiese boeliery sluit hierby aan. Leerders boelie mekaar ook op grond van herkoms en op grond van die ouers se inkomste. Dit word beskou as sosio-ekonomiese boeliery. ‘n Ander soort boeliery word bespreek deur (Goddard, 2008), en dit is kuberboelie-gedrag wat moeilik beheer kan word, omdat hierdie gedrag op die internet of deur middel van kletskamers plaasvind, en indien ‘n boodskap of foto aangestuur word, is dit moeilik om dit te beheer en te monitor. Hy meld dus dat die ander vorms van boeliery soos die fisiese, verbale, emosionele en seksuele makliker beheerbaar is as die aanstuur van ’n foto. Ek argumenteer dat boeliery wat sigbaar is, makliker geïdentifiseer en voorkom kan word. Dit is hoekom dit makliker voorkom kan word, terwyl boeliery deur middel van kletskamers vinniger kan versprei omdat dit so maklik is om ‘n teks boodskap of foto aan te stuur en daar geen beheer is om die aanstuur van die boodskappe te verhoed nie.

Opsommend kan verskillende soorte boeliery geïdentifiseer word, naamlik: fisiese (De Wet & Jacobs, 2007; Duy, 2013; Gini et al., 2008; Hawker & Boulton in Duy 2013; Kolstrein & Jafre, 2013; Naylor et al., 2006; Neser et al., 2004), verbale (De Wet & Jacobs, 2007; Naylor et al., 2006; Rivers & Smith, 1994), uitsluitende (Kolstrein & Jafre, 2013; Naylor et al., 2006), psigologiese-, generiese-, homofobiese-, sosio-ekonomiese-, en kuber boeliery. Ek kan dus argumenteer dat enige vorm van opsetlike negatiewe aksies wat herhaaldelik teenoor ‘n ander persoon geopenbaar word, as ‘n soort boeliery beskou kan word. Mense is verskillend daarom tree hul verskillend op, daarom kan daar geargumenteer word dat daar redes vir elke individu se optrede is.

2.4 Redes vir boeliery

Elke individu beleef verskillende realiteite en tree daarvolgens op. Soos reeds genoem, is daar redes vir die optrede van ‘n individu. Daar is dus redes hoekom

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

sekere leerders ander boelie. Slegs enkele redes uit die literatuur sal bespreek word om sodoende ’n opsomming van algemene redes aan die leser te voorsien. Neser et al. (2004) argumenteer dat leerders wil wys dat hulle sterk is en hulleself kan verdedig teen die wêreld daarbuite. Verder meld hy dat leerders andere vir die genot daarvan boelie. In die opvoedkundige konteks waar navorsing geskied het, put leerders genot daaruit om te sien hoe ander swaarkry, en as hulle sien dat ‘n leerder ‘n maklike teiken is, vind hierdie aksie van iemand te boelie herhaaldelik plaas. Leerders let ook gou op wanneer hulle aksies reaksies tot gevolg het en dan is hul geneig om hul aksies herhaaldelik uit te voer, om sodoende reaksie vanaf die ander party te verkry. In baie gevalle toon hulle hierdie gedrag om genot te put uit ander se ongemak. Neser et al. (2004) gebruik ook die woorde, “to get even”, wanneer daar verwys word na redes hoekom boeliery onder leerders plaasvind. Hierdie stelling kan aandui dat ‘n sekere leerder (‘n slagoffer) ‘n vorige keer deur ‘n leerder (die boelie) geboelie is en dat hierdie leerder nou dieselfde wil doen om wraak te neem, en in baie gevalle word daar na die slagoffer verwys as ‘n leerder wat “nie inpas nie” (Thornberg, 2011), en hierdie leerder word dan op grond van hierdie status geteiken.

Thornberg (2011) noem ook verder dat leerders boeliegedrag openbaar as gevolg van hulle patrone en sosiale prosesse in die skool. Sosiale prosesse kan ook verwys na die wyse waarop ‘n kind opgevoed word by die huis en op grond van wat waargeneem word in die huislike omstandighede. Die kinders word dus groot met hierdie gewoontes, omdat dit deel van hul realiteite vorm. Boeliery vind nie net plaas as gevolg van die boelie se fisiese grootte nie, maar familie agtergronde kan ook ‘n invloed op die ekwilibrium van die boelie hê (Lee, 2004:23). Hier ondersteun (Lee, 2004) die argument dat die leerder se agtergrond ‘n rol speel in die manier waarop hy/sy optree. Die leerder moet dus nie in isolasie beskou word nie (Lee, 2004:47), maar wel binne ‘n ekologiese stelsel. In sekere gevalle gebruik leerders boeliery as ‘n verdedigingsmeganisme omdat hul bevrees is dat hulle die rol van slagoffers sal aanneem en word dus deel van ‘n bullebak groep, om beskermd te voel Lam & Liu (soos aangehaal in Thornberg, 2011). In baie gevalle wil die leerder dalk nie andere boelie nie, maar die aksie word uitgevoer omdat hy/sy hom of haarself vir die toekoms wil beskerm en wil verhoed dat hy/sy ‘n slagoffer word.

Faktore soos televisie, video’s en flieks dra by tot die aggressie van boelies (Olweus, 1993:45), asook verskeie kontekstuele faktore, soos swak sosio-ekonomiese

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

toestande, dwelmmisbruik, tienerswangerskappe, armoede, geweld, enkelouers en misdaad. Ek argumenteer dat leerders sien wat ander leerders doen en hierdie voorbeeld volg om deel van die sosiale lewe uit te maak en in te pas. Boeliery kan tot vrees vir skoolbywoning lei en dit kan veroorsaak dat die skolastiese vordering van leerders beïnvloed word. Die euwel leef dan voort dat ongeletterde kinders tot ongeletterde volwassenes opgroei. Ek voel dat, indien die boelieprobleem opgelos kan word, kan vrees vir skool, afwesigheid en akademiese agteruitgang wat lei tot skoolverlating (Townsend et al., 2008) verminder, en die land kan meer suksesvolle individue kweek. Hierdie suksesvolle individue waarna verwys word in ‘n opvoedkundige konteks, is seuns en dogters, en hierdie individue speel verskillende rolle in die boelie probleem in skole.

2.5 Boeliery onder seuns en dogters

Volgens literatuur simpatiseer die meeste leerders met die slagoffer en stem nie noodwendig saam met die boelie nie (Gini et al., 2008), maar hulle staan die boelie nie teen nie, omdat hulle bang is om die volgende slagoffers te word. Ander stem weer saam met die boelie en sien die boelie as ‘n rolmodel omdat hy/sy sterk en magtig voorkom, en die slagoffer word as ‘n swakkeling beskou omdat hy of sy hulself nie kan verdedig nie. Ek argumenteer dat leerders besef dat hulle mekaar nie werklik verdedig nie en dus verminder hulle negatiewe gevoelens teenoor boelies hoe ouer hul raak (Gini et al., 2008), omdat hul ook besef elkeen moet sy eie rolmodel wees. Die geslag bepaal hoe mense teenoor boeliery optree. Oor die algemeen is meisies meer sensitief as seuns rondom hierdie kwessie. Gini et al. (2008) meld ook dat hoe ouer leerders raak, hoe meer ondersteun hulle die boelie in plaas van die slagoffer, omdat die boelie as ‘n oorwinnaar beskou word en die slagoffer as ‘n swakkeling. Ek wil beweer dat die rede vir hierdie sentiment kan toegeskryf word aan die feit dat elke leerder gewild wil wees, en indien ander leerders jou as sterk beskou, is jy outomaties gewild in die skoolomgewing. Die optredes van dogters en seuns is verskillend.

Seuns is oor die algemeen meer aggressief (Rivers & Smith, 1994), so hulle sal slaan en trap in reaksie indien iemand hul probeer aanval, terwyl dogters se reaksie sal wees om eerder met woorde (verbaal) seer te maak. Rivers en Smith (1994) meld ook dat albei geslagte gebruik maak van verbale aggressie, en dit kom by die

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

ouderdomme 11 tot 15 voor. Hierdie ouderdomme verwys na leerders in die intermediêre en seniorfases en dus is dit ‘n bevestiging dat die deelnemers in die studie voldoen aan die kriteria omdat slagoffers van boeliery in hierdie fase toeneem. Tydens hierdie fase gaan leerders ook deur liggaamsveranderinge en dit kan ook as ‘n rede vir boeliery beskou word (Gini et al., 2008). Ek stem met hierdie mening saam, want leerders is geneig om na mekaar se voorkoms te kyk en mekaar op grond daarvan af te knou. Leerders het al op meer as een gebied gekla oor hierdie tipe afknouery dus kan ek as navorser saam met hierdie stelling stem.

Duy (2013) ondersteun (Rivers & Smith, 1994) se stelling dat seuns meer fisiese boeliegedrag openbaar teenoor dogters wat meer verbaal boelie. Naylor et al. (2006) beklemtoon ook die feit dat dogters meer van verbale boeliery gebruik maak.

Kolstrein en Jofre (2013) noem dat seuns oor die algemeen meer boelie en meer geboelie word as dogters, maar hy verwys ook verder na ‘n studie wat meld dat daar ‘n ooreenstemming rakende boeliery in skole tussen dogters en seuns is. Ek kan dus aflei dat beide seuns en dogters by boeliery betrokke is en dat albei partye verantwoordelik gehou moet word vir hierdie probleem. “An international study of 70 000 students from 37 countries concluded that there is a significant relationship between the level of income inequality and school bullying among 11-year-old students (both boys and girls)” (Kolstrein & Jofre, 2013). ‘n Program om die nodige vaardighede aan seuns en dogters, binne hierdie ouderdomsgroep te leer is dus noodsaaklik sodat hulle die boelie gewoontes kan afleer en die slagoffers vaardighede vir selfbeskerming kan aanleer.

Goddard (2008) argumenteer dat seuns se vorm van boeliery meer direk en fisies is en dat dogters indirekte boeliery toepas. Volgens hom pas die twee geslagte verskillende strategieë toe om ander individue se aandag te trek, maar ongeag of die geslagte verskillende boeliery toepas, boeliery bly boeliery. Volgens Neser et al. (2004) kom boeliery gewoonlik onder leerders in dieselfde klas voor. Hy meld ook dat seuns en dogters op verskillende wyses boelie en dus verskillende intervensies benodig. Dit is belangrik dat hierdie boelieprobleem hanteer word en dat daar aandag geskenk moet word aan die gebiede waar boeliery voorkom, omdat hierdie gedrag negatiewe gevolge vir leerders inhou en later tot ernstiger geweld probleme kan lei.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

2.6 Waar boeliery voorkom en die nagevolge daarvan

Op laerskool vind boeliery meestal op die speelgrond plaas (Rivers & Smith, 1994), dus moes die navorser die speelgrond observeer om seker te maak dat dit wel die geval is in die spesifieke opvoedkundige konteks. Rivers & Smith (1994) meld dat boeliery op hoërskool meestal in die klaskamers en in die gange plaasvind en dat indirekte boeliery meestal in die klaskamer plaasvind, terwyl direkte boeliegedrag nie so algemeen in die klaskamer plaasvind nie. Ek kan hier noem dat die aanstuur van briewe wel dien as indirekte boeliery in die klaskamer, omdat dit eenvoudig genoeg is om ‘n kind in ‘n brief te boelie en dan die brief na medeleerders aan te stuur. Die klaskamer is egter nie die enigste gebied waar hierdie gedrag voorkom nie, want boeliery vind oral plaas en niemand word daarvan gevrywaar nie; enige boelie kan enige tyd en op enige plek toeslaan (Duy, 2013).

Gini et al. (2008) noem dat indirekte boeliery die meeste in ‘n laerskool toeneem, en dit kan toegeskryf word aan die feit dat die intermediêre fase die fase is waarin die gedrag die meeste voorkom (Rivers & Smith, 1994). Die probleem moet dus bespreek word, sodat boeliery voorkom kan word en in die toekoms selfs uitgeskakel kan word en, glad nie onder leerders voorkom nie.

Leerders soek gewoonlik vir plekke waar daar minimale volwasse toesig is (De Wet & Jacobs, 2007) om iemand te boelie en daarom is dit belangrik dat opvoeders gedurende pouses terreindiens moet doen om te kyk of daar enige sigbare gevare voorkom. Smit (2003) meen die rede waarom boeliery die meeste in skole plaasvind, is omdat die leerders die meeste van hulle tyd in skole deurbring. Die gedrag kom dus op die speelgrond, in die klaskamer, in die kleedkamers, op pad skool toe en van die skool af, by sportbyeenkomste, tydens saalbyeenkomste en by die busstop voor (Neser et al., 2004). In die opvoedkundige konteks waar die studie plaasgevind het, is daar gevalle waar leerders na pouses sal kom kla dat daar tydens pouse ‘n insident was.

Boeliery veroorsaak fisiese en psigologiese spanning, en hierdie spanning kan negatiewe gevolge in die langtermyn inhou (Naylor et al., 2006). Leerders kan dalk in die klaskamer angstig wees en daarna ook in die toekoms wat kan lei tot konsentrasiesteurnisse. Simptome van sulke spanning is dat leerders net voor hul

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

uitstaar en nie oplet na wat die opvoeder sê nie (Brewer, 2009), gevolglik word die leerders se punte negatief beïnvloed. Die slagoffers is nie in staat om die negatiewe optredes te stop nie en dus veroorsaak die bullebakkery skade, pyn, lyding en vernedering vir die slagoffers (De Wet & Jacobs, 2007). Hierdie slagoffers mag dalk begin voel dat hul betekenisloos is en geen doel op aarde het nie en hulle reaksies kan tot selfmoord lei (Kolstrein & Jofre, 2013).

Leerders ontwikkel ‘n vrees vir skool en indien leerders ‘n vrees vir skool het, soek hulle redes om nie skool by te woon nie (Brewer, 2008). Afwesigheid belemmer die akademiese vordering en kan later tot skoolverlating lei (Townsend et al., 2008). Leerders kan ook gesondheidsprobleme ontwikkel as gevolg van die druk wat boeliery op hul plaas (Brewer, 2008) en dus kan hierdie probleme bydra tot grootskaalse afwesigheid. Hierdie kinders word dan later as ongeletterd beskou en is uiteindelik werkloos, wat die gevolg inhou dat die armoedesiklus nie verbreek word nie. Indien ‘n kind dus in sy kinderjare geboelie word, loop die kind die gevaar om in die toekoms gewelddadige gedrag te toon (Maree, 2005). ‘n Kind mag egter nie in isolasie nie, maar moet op ‘n holistiese wyse beskou word, omdat daar verskillende rolspelers in die kind se lewe is.

2.7 Die verskillende rolspelers by die opvoedkundige instelling

2.7.1 Die opvoeders

Opvoeders speel ‘n belangrike rol en moet bewus wees van kwessies rondom boeliery (Duy, 2013).

Oor die algemeen bevraagteken leerders die opvoeders se wil om betrokke te raak by boeliery en dus rapporteer hulle minimaal aan die opvoeders wanneer daar boeliery voorkom (De Wet & Jacobs, 2007). As hulle ‘n volwassene vertel, vertel hulle eerder hulle ouers as hulle opvoeders. Dit is vir opvoeders belangrik om te weet van fisiese en sosiale boeliery, maar uitsluiting word nie as belangrik beskou nie; “finding that many teachers do not rate social exclusion by peers as a serious problem for those pupils who experience it” (Naylor et al., 2006). Dit kan toegeskryf word aan die feit dat opvoeders nie werklik ingelig is oor boeliery nie en daarom besef hulle nie die erns van die saak nie en beskou net fisiese boeliery as

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

problematies (Duy, 2013) omdat dit sigbaar is. Olweus (1993) noem dat opvoeders se ingesteldheid teenoor boeliery bepaal of die probleem toeneem of afneem. Ek stem saam met hierdie stelling, want as die leerders sien dat die opvoeder nie daadwerklik optree in ‘n boeliegeval nie, sal hulle net met hierdie gedrag voortgaan. Opvoeders speel egter ‘n sleutelrol in die oplossing van die probleem (Duy, 2013), dus word die opvoeder as ‘n belangrike komponent beskou.

Volgens Naylor et al. (2006) moet opvoeders hulle persepsies rondom boeliegedrag verander. Daar is steeds opvoeders wat nie ingelig is oor boeliery nie en nie effektief rondom die kwessie en die optrede daaromheen funksioneer nie. Opvoeders moet bewus wees van die tekens van boeliery en dadelik ingryp wanneer leerders gespot word oor hul gewig (Johnson, 2013) of enige ander kwessie. Elke leerder speel ‘n belangrike rol in die klaskamer en die opvoeder moet gesprekke rondom boeliery in die klaskamer voer en seker maak dat alle leerders aktief aan gesprekke deelneem (Brewer, 2008) sodat hulle bewus kan wees van die anti-boelie -atmosfeer wat in die klas moet heers en sodoende besef dat hierdie gedrag onaanvaarbaar is. Brewer (2008) meld ook verder dat leerders moet agterkom dat opvoeders net so streng optree teenoor die uitsluiting van medeleerders soos wat die opvoeder optree indien ‘n fisiese geval voorkom. Alle vorme van boeliery moet egter as belangrik beskou word, en die boelie en die slagoffer moet die nodige vaardighede aangeleer word met die doel om negatiewe gedrag van boelies uit te skakel.

2.7.2 Die boelie

Die boelie is die persoon wat die boeliegedrag openbaar. Die persoon wat die aksie uitvoer, word gesien as ‘n aktiewe boelie terwyl die persoon wat toekyk hoe die aksie geskied, gesien word as ‘n passiewe boelie (Carney & Merrell, 2001), en hierdie persone word nie so gebore nie. ‘n Boelie word gevorm en op grond van die tipe boelie moet intervensie geskied. Daar kan byvoorbeeld nie intervensie vir fisiese boeliery wees, as die leerder verbaal boelie nie. Boelies toon verskillende simptome soos, hoë vlakke van psigiatriese en fisiese simptome Salmon, James & Smith (soos angehaal in Liang et al., 2007) en hulle kies gewoonlik slagoffers wat spesifiek swakker is en relatief geen verweer toon nie (Olweus, 1993:58).

Volgens Farrington (soos aangehaal in Liang et al., 2007) toon leerders wat boelie in hulle kinderjare al aggressiewe gedrag. Wanneer hulle opgroei en die boelie relatief

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

jonk is, moet die probleem dus voorkom word (Maree, 2005). Leerders wat betrokke is by boeliery is egter sensitief vir aggressie, en wanneer hulle in enige situasie gekonfronteer word, lei dit tot aggressie met die gevolg dat hulle, betrokke raak by gewelddadige situasies (Liang et al., 2007). ‘n Boelie word nie so gebore nie. Hierdie gedrag kan toegeskryf word aan gevalle wat by die huis plaasvind en waar daar nie dissipline gehandhaaf word nie en waar daar min toesighouding is. Die gedrag kan ook toegeskryf word aan die feit dat probleme tuis nie effektief opgelos word nie, dus weet die kind nie hoe om konflik te hanteer nie, omdat konflik gereeld ervaar word, maar geen vaardighede is ontwikkel om die probleem op te los nie (Banks, 1997; Batsche & Knoff, 1994; Carney, 2000; Hazler, 1996; Olweus, 1993; Olweus 1993 in Carney & Merrell, 2001). Die boelie tree nie in isolasie op nie, maar word deur toeskouers ondersteun.

2.7.3 Die toeskouer

Volgens Carney & Merrel (2001) word daar verwys na die toeskouers as passiewe boelies, omdat hulle nie fisies die aksie uitvoer nie, maar hulle staan egter by en kyk hoe die aksie uitgevoer word. Gini et al. (2008) meld dat daar meer navorsing gedoen moet word rakende die rol van die toeskouers en die invloed wat hulle op boeliegedrag het. Sommige toeskouers kyk net, terwyl ander aktief deelneem of die gedrag aanmoedig. Ander toeskouers gaan sê vir ‘n volwassene, en sommige beskerm die slagoffer. Gini et al. (2008) verwys ook na twee terme, naamlik, agtervolgers en buitestaanders. Agtervolgers verwys na toeskouers wat deelneem aan die boelie-insident, terwyl buitestaanders nie die gedrag ondersteun of betrokke raak by die insident nie. Meer navorsing moet egter oor die toeskouer gedoen word, aangesien die toeskouer opinies beïnvloed (Gini et al., 2008) en ek stem daarmee saam, want indien ‘n toeskouer vir die ander toeskouers wys dat hy of sy nie die gedrag ondersteun nie, sal daar dalk nog individue wees wat dieselfde voel en die slagoffer ondersteun, maar omdat hulle bevrees is dat hulle slagoffers mag word, swyg hulle eerder. Die klimaat van boeliery op skool word deur die toeskouer bepaal volgens (Gini et al., 2008) en indien niemand die rol van toeskouer vervul nie, mag dit in sommige gevalle lyk asof almal saam met die boelie stem en die gedrag ondersteun, en dit mag lyk asof die slagoffer skuldig is en die aksie verdien.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

2.7.4 Die slagoffer

Die slagoffer is gewoonlik die een wat nie “inpas” volgens die boelie nie (Thornberg, 2011) en die een op wie die aksies uitgevoer word. Hierdie aksies het ‘n langdurige effek op die een wat geboelie word (Smit, 2003), omdat die slagoffer hom of haarself gewoonlik nie kan verdedig nie en dus as ‘n swak persoon beskou word (Gini et al., 2008). Die gedrag van boelies kan veroorsaak dat slagoffers nie wil skool toe gaan nie en gevolglik agter raak met skoolwerk (Neser et al., 2004). Dit gebeur omdat die boelie en die slagoffer gewoonlik in dieselfde klas is. Die slagoffer moet dus vir ‘n volwassene sê van die probleem, maar volgens navorsing is die slagoffers meer gemaklik om met hul portuurgroep te gesels oor boeliery in plaas van met ‘n volwassene (De Wet & Jacobs, 2007). Die slagoffer se menseregte word geskend (Brewer, 2008) en in baie gevalle moet die slagoffers op hul eie worstel met die probleem (Duy, 2013). Dit is net nog ‘n bewys dat ‘n voorkomingsprogram nodig is, sodat die nodige vaardighede, om die probleem uit die weg te ruim, aangeleer kan word.

2.8 Intervensies asook anti-boelieprogramme rondom boeliery

Boeliery is ‘n internasionale probleem (Carney & Merrell, 2001) en intervensieprogramme is alreeds wêreldwyd probeer. Al die studies is meestal in ontwikkelde lande onderneem volgens (Boyes, Bowes, Cluver, Ward & Badcock, 2014). Boeliery het in 1970 vir die eerste keer aandag geniet, danksy ‘n program deur Daniel Olweus (Gini et al., 2008). Die boelieprobleem neem toe (Maree, 2005) en daar is nie langtermynstrategieë in plek om die probleem op te los nie. Vir die ontwikkeling van ‘n anti-boelieprogram, is dit noodsaaklik om te weet wanneer kinders op hul weerloosste is, met ander woorde, waar hulle die onveiligste voel, om dan pro-aktief te kan optree (De Wet & Jacobs, 2007). Voorkomingsprogramme wil ook nie sê dat dit effektief gaan wees en dat boeliery sal afneem nie (Duy, 2013). Die sukses van die program sal egter lê in die manier hoe die skool die program in stand sal hou. Volgens Swearer (2010) het die programme tot dusver min impak op die probleem gehad.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Die verskillende soorte boeliery is alreeds bespreek en daar kan kortliks verwys word na direkte en indirekte boeliery. Hierdie gedrag moet openlik met leerders in die klaskamer bespreek word sodat leerders daarvan bewus kan wees (Rivers & Smith, 1994). Duy (2013) meld dat daar ernstig met die boelies gepraat moet word en dat empatie as ‘n vaardigheid aangeleer moet word terwyl (Kolstrein & Jofre, 2013) saamstem. Opvoeders moet die nodige vaardighede vir die leerders aanleer volgens (Naylor et al., 2006), maar ek argumenteer, hoe kan die opvoeders vir die leerders die nodige vaardighede aanleer as van die opvoeders self oningelig is? Naylor et al. (2006) ondersteun ook die feit dat empatie, asook sosiale vaardighede aangeleer moet word. Kinders weet nie hoe om hulself in iemand anders se posisie te plaas nie en kan hulself dus nie indink hoe die persoon moet voel nie, en ek reken dit is die rede waarom die literatuur beklemtoon dat empatie as ‘n vaardigheid aangeleer moet word. Ek stem ten volle hiermee saam. Op hierdie wyse sal die leerders hulself kan indink hoe die ander leerders moet voel indien ‘n sekere gedrag toegelaat word. Leerders moet as verdedigers opgelei word vir wanneer die opvoeder nie daar is nie (Gini et al., 2008) sodat hulle hulself kan verdedig, konflik kan hanteer (De Wet & Jacobs, 2007) en as bemiddelaars kan optree. ‘n Intervensieprogram moet voorsiening maak vir sosiale en emosionele selfregulasie (Kolstrein & Jofre, 2013) en ‘n atmosfeer skep wat gemaklik en veilig is.

Daar kan ook gebruik gemaak word van portuurgroepbenaderings, omdat leerders in sommige gevalle beter met hulle portuurgroepe kommunikeer, eerder as met volwassenes. Op hierdie manier word daar verseker dat alle rolspelers betrek word by die voorkoming van boeliery, “the peer ecology approach brings attention to all children and not just those who bullies or victims” (Gini et al., 2008).

Die selfontwikkelde voorkomingsprogram waarvan in hierdie studie gebruik gemaak word, verseker dat alle leerders die nodige vaardighede aanleer en nie net leerders wat boeliegedrag toon of slagoffers is nie. Gini et al. (2008) brei verder uit dat vriendskappe ontwikkel moet word, en hierdie ontwikkeling kan portuurverhoudings verbeter sodat slagoffers nie alleen die probleem in die gesig hoef te staar nie. De Wet en Jacobs (2007) noem dat daar gereeld vergaderings met die leerders gehou moet word om die probleem aan te spreek en dat die slagoffers geïdentifiseer moet word sodat hulle gehelp kan word. Hul meld ook verder dat ouerbetrokkenheid ontwikkel moet word sodat daar met die ouers gekommunikeer kan word rakende

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

die kind en sy/haar behoeftes, en dat daar ernstige gesprekke met die bullebakke, slagoffers, ouers van bullebakke en ouers van slagoffers gevoer kan word.

Ek argumenteer dat die boelieprobleem ook toegeskryf kan word aan onbetrokke ouers, want ouers woon nie eers ouervergaderings by nie, dus is my vraag: sal ouers sessies bywoon waar hul vaardighede aangeleer word om hulle kinders die boeliegedrag af te leer? De Wet en Jacobs (2007) meld dat ‘n program ontwikkel en geïmplementeer moet word wat voorsiening maak vir die unieke sosio-ekonomiese, demografiese en kulturele omstandighede van die betrokke rolspelers. In hierdie studie maak die voorkomingsprogram voorsiening vir die omstandighede van die skool en die skoolomgewing, en die program is daarvolgens aangepas, dus is die program vir die spesifieke studiegemeenskap saamgestel en is dit nie ‘n ingevoerde program of reeds bestaande program wat toegepas word nie.

Die meeste skole maak gebruik van anti-boelieprogramme in hul kurrikulum (Johnson, 2013). Onder andere is daar gebruik gemaak van “Bully-Proofing Your School” in 2003 (BPYS), “The Bully Prevention Programme” asook Whitted en Dupper se multidimensionele benadering tot bullebakkery (De Wet & Jacobs, 2007). Hierdie programme is almal internasionale programme wat toon dat boeliery oral as ‘n probleem beskou word. BPYS is ‘n program wat geskik is vir enige ouderdomsgroep en word uitgevoer met die boelie en die slagoffer soos in die voorkomingsprogram wat vir die studie opgestel is. Daar word ook opleiding aangebied vir belangstellendes wat die program wil aanbied en die inhoud sluit kennis rondom sekere vaardighede in.

My program sluit ook sekere vaardighede in wat die leerders in die toekoms mag nodig kry. Whitted en Dupper se multidimensionele benadering sluit ook sekere vaardighede in en daar word gefokus op die individu, klas en skool. Vir die implementering van my program vir hierdie rondte is daar slegs op die individu gefokus en die kurrikulum het as basis vir die inhoud van die program wat aansluit by bogenoemde programme gedien.Om hierdie programme deel te maak van kurrikulumtyd, kan ook ‘n verskil maak.

Intervensieprogramme kan in die sosiale wetenskappekurrikulum geïnkorporeer word omdat die vak die land en sy wette insluit (Brewer, 2008). Leerders moet ook leer van omgee, verantwoordelikheid, trots, onder andere skooltrots, die mooimaak

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

van boeke, om die skool skoon te hou, in netjiese rye te staan en vriendskappe sluit, moet ook deel van intervensie uitmaak. Die voorkomingsprogram in die studie het dus gebruik gemaak van die kinderregte wat aansluit by die sosiale wetenskappekurrikulum. Rowan (soos aangehaal in Brewer 2008) meld dat rolspel ‘n goeie manier is om boeliery uit te beeld en sodoende maniere vir oplossings van die probleem te vind. Skole moet ook beleide rakende boeliery vir die skool opstel (Brewer, 2008). Dit is een van die uitkomstes van hierdie studie -om ‘n boeliebeleid vir die opvoedkundige instansie in plek te stel. My program sluit baie aspekte uit die literatuur in, dus is dit ‘n program wat goed nagevors is en op reeds nagevorsde beginsels gebaseer is.

Daar is ook ‘n hele paar studies wat in Suid-Afrika voltooi is, maar wat my studie anders maak, is dat dit vir my spesifieke opvoedkundige konteks opgestel is en in die behoeftes van die leerders by dié skool voorsien. Vervolgens sal enkele studies in Suid-Afrika bespreek word.

‘n Studie aan die Universiteit van Pretoria in 2012 het gekyk na die holistiese status van boeliery tussen leerders, en opsommend toon die studie dat dit belangrik is om enige vorm van boeliery as ‘n oortreding te beskou (Laas, 2012). Die belangrikheid daarvan is om nie net aan die boelie aandag te skenk nie, maar ook aan die slagoffer omdat hulle hulself moet verdedig. Ek stem hiermee saam, daarom fokus my program ook op die boelie en die slagoffer. Die studie lê klem daarop dat ‘n anti-boeliebeleid vir elke instansie in plek gestel moet word, dat ouerbetrokkenheid aandag moet geniet en dat menseregte nie geskend moet word nie.

‘n Studie aan die Universiteit van Johannesburg meld ook dat daar gefokus moet word op sosiale vaardighede, drama en rolspel en groepwerk. Die studie meld dat leerders altyd as waardige individue beskou moet word en dat opvoeders na leerders moet luister. Daar word ook genoem dat hoe meer rolspelers betrokke is in ‘n voorkomingsprogram, hoe meer suksesvol sal dit wees (Bezuidenhout en Coertze, 2013). Aan die Universiteit van die Wes-Kaap is nog ‘n studie voltooi wat meld dat boeliegevalle lae selfbeeld, lae akademiese vordering, afwesigheid, depressie en skoolverlating tot gevolg het (Memoh, 2013), dus is ‘n voorkomingsprogram gebore uit ‘n behoefte om bogenoemde gevalle uit die weg te ruim.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Caplan se primêre, sekondêre en tersiêre voorkomingsmodel (1954) kan ook as ’n voorkomingsmiddel gebruik word om die probleem uit die weg te ruim, maar voordat ‘n intervensie gekies word, moet opvoeders eers lees of die aksie op navorsing gebaseer is (Swearer, 2010). Navorsing toon egter dat leerders se menseregte geskend word indien hulle slagoffers van boeliery was. Die kurrikulum kan fokus op verdraagbaarheid, nie-diskriminasie, solidariteit, verantwoordelikheid, versterking van eie identiteit terwyl ander se identiteit erken word, gelykheid vir almal, vryheid en respek vir ander (Kolstrein & Jofre, 2013). Verder meld (Kolstrein & Jafre, 2013) dat daar oplossings gevind moet word vir godsdienstige en geestelike oortuigings, asook geslagsbekwaamhede.

As leerders van hul menseregte en hul waardes bewus is, kan hulle selfvertroue ontwikkel om hulself te verdedig om te verseker dat hul menseregte nie geskend word nie.

2.9 Menseregte

Met boeliery word mense se waardigheid van hul ontneem (Kolstrein & Jofre, 2013), en dit kan as die rede beskou word waarom hul nie in solidariteit met ander in verbinding kan tree nie. Hulle word verneder en verlaag wanneer hul geboelie word. Die reg tot onderrig word ook aangetas omdat die leerder verhoed word om sy volle potensiaal te bereik en kognitiewe ontwikkeling te ondergaan, omdat hul bevrees is om skool by te woon. Met boeliery word daar teen leerders gediskrimineer omdat die slagoffer as ‘n swakkeling beskou word en gelykheid nie geld nie. Kolstrein en Jafre (2013) noem dat leerders geleer moet word hoe om op te tree wanneer hul menseregte geskend word en boeliery moet as ‘n skending van menseregte beskou word. Ek stem saam met hierdie stelling en daarom moet die probleem uit die weg geruim word om hierdie skending van menseregte van leerders wat slagoffers is, (Brewer, 2008) te voorkom.

2.10 Slot

In hierdie literatuurstudie is verskeie definisies vir boeliery bespreek, asook die verskillende soorte. Mense verskil van mekaar en het redes vir hulle optredes, daarom is die redes vir boeliery ook bespreek saam met, boeliery onder seuns en dogters, omdat die twee geslagte rakende boeliery verskillend optree. Die plekke

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

waar boeliery plaasvind en die verskillende rolspelers binne die opvoedkundige konteks is bespreek, asook intervensies en anti-boelieprogramme. Laastens is die menseregte wat beïnvloed word, bespreek.

Die volgende hoofstuk bespreek die prosesse, wat die konteks waar die studie geskied, die navorsingsparadigma, die keuse van deelnemers, insameling en analisering van data asook die etiese kwessies insluit.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

HOOFSTUK 3: DIE NAVORSINGSONTWERP EN -METODOLOGIE

3.1 Inleiding

In hierdie hoofstuk word die empiriese studie, die navorsingsparadigma en -ontwerp, die metodologie van die studie, sowel as die metodes wat gebruik is om die data in te samel en te ontleed, verduidelik. Die etiese aspekte en die betroubaarheid en geldigheid van die studie word ook bespreek. Die deelnemers en wie hulle was, word bespreek, asook die faktore wat die studie beïnvloed het. Hierdie studie het gepoog om die uniekheid van die situasie binne ‘n spesieke konteks, asook die interaksies binne hierdie konteks, te verstaan Patton (soos aangehaal in Merriam, 1998).

3.2 Die navorsingsvraag

‘n Probleem is deur die navorser geïdentifiseer nadat sy na die klagtes van die personeel en leerders geluister het. Die boelieprobleem was duideliker nadat sy gebruik gemaak het van observasie, gesprekvoering en ‘n onderhoud met die prinsipaal (Addendum K). Daar was ’n behoefte om die oorsake van boeliery te identifiseer. Die navorser het dit goed gedink om ‘n voorkomingsprogram te ontwerp wat die probleem sou aanspreek, en na afloop van die program het die navorser aandag gegee aan die opinies en ervaring van die deelnemers aan die program. Die navorsingsvraag was dus:

- Wat is die leerders in ’n spesifieke laerskool se ervaring van die boelie-voorkomingsprogram?

3.3 Doel van die navorsing

Die primêre doel van die navorsing was, eerstens, om die leerders se ervaring van die program te verstaan, en tweedens, om die opvoeder se ervaring van die leerders se gedrag na afloop van die program te verstaan. Hierdie studie was dus ‘n verkenningstog deur middel van aksienavorsing, wat ’n voorkomingsprogram ingesluit het, om gevolglik die ervaring van die deelnemers te verstaan.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

3.4 Kwalitatiewe navorsing

Om te verseker dat die leerder se ervarings verstaan word, was hierdie studie kwalitatief van aard. ‘n Kwalitatiewe metode wat navors hoe die deelnemers sin maak van die wêreld rondom hulle, is vir hierdie studie gebruik. "Qualitative researchers are interested in understanding the meaning people have constructed, that is, how they make sense of their world and the experience they have in the world (Merriam 1998:6)."

Direkte besorgdheid oor die belewing van die deelnemers en hoe alle dele saamgewerk het, was die fokuspunt van die studie Sherman en Webb (soos aangehaal in Merriam, 1998) en daarom is daar gepoog om die uniekheid van die situasie binne ‘n spesifieke konteks, asook die interaksies binne hierdie konteks, te verstaan Patton (soos aangehaal in Merriam, 1998).

Vir die navorser verwys kwalitatiewe navorsing na ‘n behoefte om die spesifieke situasie van die deelnemers te verstaan, asook om hulle wêreld en omgewing te leer ken en hoe hulle betekenis uit ervarings daarin konstrueer. Die navorser is die primêre instrument in die insameling en analisering van data. Kwalitatiewe navorsing is dus ‘n proses waaruit betekenis spruit, en dit sluit beskrywings van opinies en ervarings in. Die resultate in ‘n kwalitatiewe studie is baie beskrywend, en in Hoofstuk 4 word hierdie resultate beskryf. Indiepte navorsing het plaasgevind, om te ontdek deur die gebruik van verskillende metodologieë. Vervolgens word die paradigma bespreek.

3.5 Die paradigma

Die paradigma wat gepas is vir hierdie studie, is die interpretatiewe paradigma. Die interpreterende paradigma is geskik vir navorsers wat belangstel in die betekenis wat mense aan gebeure verbind (Terre Blanche & Durrheim, 1999). Merriam (1998) verwys na die interpreterende paradigma as lewende ervarings. Hierdie paradigma is gepas omdat die doel van die navorsing is om die menings en ervarings van die leerders te verstaan. Die antwoorde wat verkry is, verklaar hierdie menings en waarom hulle optree soos wat hulle optree (interpretatief). Volgens Terre Blanche en Durrheim (1999) is paradigmas sisteme of interverwante veronderstellings van ontologie, epistemologie en metodologie.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Volgens Guba en Lincoln (1994:108) kan daar drie vrae rondom hierdie terme gevra word:

- Ontologie: Wat is die realiteit en wat kan daaruit afgelei word?
- Epistemologie: Wat is die natuur van menslike kennis en die begrip daarvan wat deur navorsing verkry kan word?
- Metodologie: Watter metodes kan gebruik word om inligting te verkry?

Ontologie verwys na die aard van die realiteit wat ondersoek word en wat daaromtrent uitgevind kan word (Terre Blanche & Durrheim, 1999). Realiteit is spesifiek en plaaslik en kan aktief en sosiaal gekonstrueer word (Guba & Lincoln, 1994). Realiteit in hierdie studie verwys na die verskillende deelnemers se menings en perspektiewe rondom die program. Die deelnemers maak sin van hulle wêrelde deur daaglikse ervarings soos gesprekke met mense, persoonlike situasies, lees, klasonderrig en ook deur te leer van ander.

Epistemologie verwys na die aard van die verhouding tussen die navorser wat kennis besit en dit wat nog uitgevind gaan word tydens die studie (Terre Blanche & Durrheim, 1999). Die aard van die deelnemers se kennis kan verky word deur verskillende navorsingsmetodes te gebruik om die verskillende perspektiewe van die deelnemers te verstaan. Om die leefwêrelde van die deelnemers te verstaan en te bestudeer moet prosesse (metodologie) gevolg word.

Metodologie verwys na die prosesse of metodes wat die navorser volg om die spesifieke studie uit te voer. Semi-gestruktureerde onderhoude, observasies en fokusgroepe is vir hierdie studie gebruik en daar word later in die hoofstuk hieroor uitgebrei. Die navorser kry ‘n beter begrip van die gedrag en mening van die leerder, omdat die leerder uit eerstehandse ervaring praat.

3.6 Die navorsingsontwerp

“Practical problem with an aim toward developing a solution to a problem.” (Creswell 2012:576)

Die tipe navorsingsontwerp waarvan gebruik gemaak is, is aksienavorsing. Aksienavorsing verwys na ‘n praktiese probleem met die doel om ‘n oplossing vir hierdie probleem te vind. Aksienavorsingsontwerpe is dus sistematiese prosesse wat

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

deur opvoeders of individue in ‘n opvoedkundige omgewing aangewend word en poog om die spesifieke omgewing se gewoontes, die onderrig en die leerders se leer te verbeter Mills (soos aangehaal in Creswell, 2012:576), asook om die realiteite en ervarings van die leerders te verstaan. In ‘n opvoedkundige konteks reflekteer opvoeders oor die spesifieke probleme wat geïdentifiseer is, samel data in en analiseer hierdie data en implimenteer dan veranderinge gebaseer op hul bevindinge (Creswell, 2012:577). Aksienavorsing in die opvoedkundige konteks het die volgende kenmerke volgens Mills (soos aangehaal in Creswell, 2012):

- Moedig veranderinge in skole aan
- Verseker dat verskillende individue by die skool betrokke is
- Bemagtig individue deur samewerking aan projekte
- Maak dit moontlik vir opvoeders om die gaping tussen die praktyk en hul visie vir opvoeding te verklein
- Moedig opvoeders aan om te reflekteer oor hul praktyke
- Bevorder ‘n proses om nuwe idees te toets

Daar is twee tipes aksienavorsing, naamlik, PAR en PAN. PAR (Participatory Action Research) verwys na deelnemende aksienavorsing, maar die tipe aksienavorsing wat vir hierdie studie geskik was, was die Praktiese Aksienavorsing (PAN) wat poog om probleme in die eie klaskamer na te vors sodat leerders in die klasomgewing se leer en die opvoeder se eie professionele optrede kan verbeter (Creswell, 2012:579). Hierdie aksie verwys na ‘n sistemiese studie van die probleem waar die opvoeder die navorser is. Dit is dus navorsing wat volgens aksienavorsing spiraal of siklies versamel word.

Die aksienavorsingspiraal sluit in:

1. Identifisering van die probleem
2. Vind van oplossing deur aksie beplanning
3. Implementering van plan
4. Observering van deelnemers
5. Reflektering van program

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za



Figuur 3.1: Aangepas uit Kemmis & McTaggart (1998:11)

Die navorser het die probleem geïdentifiseer deur informele gesprekke met opvoeders en leerders te voer. Opvoeders en leerders kla gedurig oor boeliery by die skool, en die probleem word gedurig by die prinsipaal aangemeld wat die leerders dan daarteen waarsku. Ek het toe tydens pouses observasies gedoen om

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

seker te maak dat die probleem wel tydens pouses voorkom. Daarna het ek ‘n onderhoud met die prinsipaal gevoer om te bevestig dat die kwessie wel as ‘n probleem beskou kan word. Die observasies en onderhoud met die hoof het die probleem bevestig. Na afloop van die observasies en die onderhoud het ek, as navorser, die behoefte geïdentifiseer dat ‘n program ontwerp moes word om die probleem te voorkom. ‘n Voorkomingsprogram is dus ontwerp volgens die behoeftes en die konteks van die skoolomgewing. Die gedrag van die leerders word deur omstandighede tuis en deur die gebeure in die gemeenskap gevorm. Na die implementering van die program is leerders se gedrag steeds geobserveer, veldnotas is ontleed, refleksies is gedoen ná elke sessie en in die navorsingjoernaal aangeteken. ‘n Onderhoud is met ‘n opvoeder gevoer om sodoende die opvoeder se ervarings rondom leerders se gedrag na afloop van die program te identifiseer. Vir ‘n volgende rondte van implementering kan meer as een opvoeder gevra word om te verseker dat inligting nie beperk is nie. Daarna is fokusgroepe met die leerders gehou om hul ervarings rondom die probleem vas te stel. Deur gebruik te maak van die data uit die fokusgroep en die ervarings van die leerders kon data dus geanaliseer word, en die bespreking hiervan geskied in Hoofstuk 4. Vir die doel van hierdie studie is slegs een siklus voltooi omdat dit ‘n studie is met beperkte omvang en, dit slegs ‘n 50%-tesis is.

3.7 Die plek van navorsing

Die navorsingstudie is by ‘n Afrikaansmedium skool aan die Weskus in die Wes-Kaap uitgevoer. Die skool se ligging is in ‘n woonbuurt tussen woonhuise. Die meeste leerders woon dus loopafstand van die skool af. Die skoolomgewing maak gebruik van klasonderrig in die intermediêre fase, en die opvoeder bied alle leerareas vir die leerders aan. Die leerdertal beloop meer as ‘n 1000 leerders en klasgroottes is tussen 39 en 44 leerders. Daar is 12 opvoeders in die grondslagfase, 10 opvoeders in die intermediêre fase en 3 opvoeders in die seniorfase. Die hoof en adjunkhoof onderrig ook sekere klasse, en die skool beskik oor 2 Graad R-opvoeders. ‘n Nuwe prinsipaal is onlangs by die skool aangestel en hy poog om nuwe riglyne in plek te stel om die skool se struktuur te verbeter. Die skool beskik oor twee seunsbadkamers en twee dogtersbadkamers. Die grondslagfaseleerders se badkamers is apart van die intermediêre- en seniorfaseleerders se badkamers. Die pouses vir die twee fases is ook op verskillende tye, omdat die ouer leerders die

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

jonger leerders se geld en kos afneem. Tydens pouses is daar ‘n snoepwinkel vir die leerders beskikbaar en daar is drie opvoeders op terreindiens. Een opvoeder is in die gange en twee opvoeders op die speelterrein.

By elke saalbyeenkoms praat die hoof oor die boeliekwessie, maar die probleem duur voort. Die leerders wil nie skool toe kom nie, want hulle is bang, maar daar was geen boeliebeleid vir die skool in plek as ‘n eerste stap om boeliery stop te sit nie. Die skool maak ook gebruik van ‘n voedingskema wat kos voorsien aan behoeftige leerders wat nie oor ‘n stukkie brood beskik nie, omdat van die leerders uit swak sosio-ekonomiese agtergronde kom. Baie leerders word groot met slegs een ouer of die leerder woon by ‘n ouma of voog. Tienerswangerskappe, dwelmmisbruik en misdaad is bekend aan die leerders.

Daar is ook enkele leerders wat eksperimenteer met sigarette en drank, en hierdie leerders is in baie gevalle leerders wat die skool verlaat omdat hulle gedragsprobleme openbaar. Die ouers werk skofte en kan nie altyd beheer oor die kinders uitoefen nie. Die grootste inkomste in hierdie gemeenskap is die nabygeleë visfabriek, maar die fabriek eis baie ure van die werknemers, en ongelukkig is die ouers nie gekwalifiseer vir enige ander werk nie en moet dus die geleentheid aangryp. Die gemeenskap waarin die kind groot word, beïnvloed dus die gedrag wat hy/sy by die skool openbaar.

Die skool is tans 55 jaar oud en baie van die opvoeders is al afgetree en met nuwe opvoeders vervang. Die skool beskik ook oor ‘n skoolgebaseerde ondersteuningspan, die SGOS. Die SGOS verseker dat probleme onder leerders hanteer word en is sielkundig, maatskaplik, persoonlik en akademies van aard. Klasopvoeders verwys leerders met probleme na die SGOS, en hierdie gedugte span besluit dan oor die tipe ondersteuning wat aan hierdie leerders gebied word. Die span hanteer ook spesiale skoolaansoeke wat beteken dat leerders wat die hoofstroom uitdagend vind en agterstande toon, na spesiale skole verwys word om sodoende hul skoolloopbane daar te voltooi en ‘n kwalifikasie te bekom. Die skool bied dus ondersteuning aan alle tipe leerders, en die opvoeders loop die ekstra myl om die leerders te ondersteun, wat ookal die behoefte mag wees. Die spesifieke span maak ook gebruik van manspersoneel om gedragsprobleemkinders onder hulle vlerke te neem. Dit beteken dat elke mans- personeellid ‘n seun ondersteun en sy

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

welstand in ag neem en probeer om ‘n rolmodel vir hierdie seun te wees, sodat die seun weet daar is iemand wat omgee. Dit word nie direk aan die seun gesê dat dit sy voog by die skool is nie, maar dit is die verantwoordelikheid van die opvoeder om ‘n verhouding met die seun te bou.

Die meeste van die leerders kom uit goeie agtergronde en toon respek teenoor medeleerders en opvoeders. Die skool het al goeie professies opgelewer en streef daarna om in die behoeftes van die leerders te voorsien.

Daar is egter ook leerders wat die teenoorgestelde gedrag toon. Die disrespekvolle leerders sukkel soms om in die hoofstroom te vorder en toon dan gedragsprobleme as gevolg van hierdie akademiese agterstand. Hulle is dikwels die leerders wat ander leerders boelie omdat hul groter en sterker is of omdat hul nie goed genoeg is volgens die boelie nie. Die skool maak gebruik van die nuutste interaktiewe witborde asook die internet, en die program wat ontwerp is, is vir die behoeftes van die skool aangepas. Die program is op die rekenaar ontwerp, en die prente is gekies volgens die belangstelling en behoeftes van die leerders. Die program kon dus op die witbord vertoon word, en verskillende boelievideo’s kon gebruik word omdat die skool oor internet beskik. Die voorbeelde en aktiwiteite waarvan gebruik gemaak is, is voorbeelde waarmee die deelnemers verband kon hou, bekende scenarios was gebruik. Die deelnemers beskik nie almal oor leesstof by die huis nie en die navorser het alle prente en plakkate, asook skryfbehoeftes en tydskrifte aan die deelnemers voorsien om die program uitvoerbaar te maak met die nodige hulpbronne. Die program se duur per dag was van so ’n aard dat die leerders nog tuiswerk kon doen en by die huis besorg kon word. Die program was interaktief, want die tipe leerder by die skoolomgewing is aktiewe leerders wat nie net wil sit en leer nie. Speletjies is gespeel, rolspel is uitgevoer en kunswerke het deel van die program gevorm, omdat die leerders baie kunstig en kreatief van aard is en hulle kan hulself suksesvol uitbeeld deur middel van rolspel.

3.8 Die boelievoorkomingsprogram

‘n Voorkomingsprogram is dus as ‘n behoefte deur die navorser geïdentifiseer, en hierdie program het oor ‘n verskeidenheid van temas beskik volgens die behoeftes van die konteks en die navorsing uit die literatuur.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

3.8.1 Die inleiding

Die inleiding was ‘n algemene oriëntasie waar daar vir deelnemers algemene vrae gevra is om interaksie te bewerkstellig. Die doel was om ‘n idee te kry van hoe die leerders die skool beskou en wat vir hul aangenaam en onaangenaam is, asook om te identifiseer of hul vriende het en wat hul gelukkig en ongelukkig maak by die skool. Hierdie sessie is ook gebruik om die leerders gemaklik te laat voel, sodat hulle kon besef dat die sessies vertroulik sou wees en dat dit nie ‘n klaskamer omgewing nie, maar wel ‘n informele omgewing was waar almal vrymoedig kon praat.

3.8.2 Sosiale vaardighede

Eerstens wou ek, as navorser, agterkom wat die leerders as boeliery beskou. Daar is dus ‘n vraag gestel oor wat die leerders onder dié gedrag verstaan, en hulle moes terugvoering gee. Die definisie van boeliery asook die soorte boeliery is bespreek. Soorte boeliery sluit in:

- **Fisiese**: slaan, pootjie, skop, knyp
- **Verbale**: om iemand uit te skel, te terg, af te kraak
- **Sielkundige:** om iemand te dreig, te bekruip, gebare te maak
- **Sosiale:** om iemand te ignoreer, gerugte te versprei
- **Seksuele:** om op iemand te pik vanweë sy/haar seksuele oriëntasie; ongewensde aanraking of teen iemand skuur
- **Kuberafknouery:** om iemand in ‘n kletskamer te beledig; om wrede of dreigende e-pos of teksboodskappe te stuur; om die web, kletskamers of selfone te gebruik om gerugte of inligting oor iemand te versprei

Die leerders moes die soorte boeliery identifiseer volgens prente en moes ook noem of hulle al die gedrag beleef of op ander toegepas het. Voorbeelde van hierdie vrae kan in Addendum D gevind word.Tydens hierdie sessie het die leerders ook kennis gemaak met groepsdrukvaardighede en het onder andere geleer hoe om boeliery te hanteer. Rolspel is hier uitgevoer waar die leerders gevalle moes rolspel waar hulle “nee” moes sê. Vredebewaringsvaardighede het ook hier aandag geniet en ander leerders se gevoelens en denke moes gerespekteer word. Laastens is luister- en praatvaardighede getoets waar die spel, 30 sekondes, gespeel is. Hulle moes aan mekaar woorde verduidelik deur te praat, en die ander moes die beskrywing

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

identifiseer. Die doel was om die leerders te leer hoe om in verskillende situasies op te tree en te leer van ander hoe hulle in daardie spesifieke situasie sou optree. Die leerders moes ook leer hoe om na ander te luister en moes besef dat hul mekaar nodig het. Die leerders het dus rolspelvaardighede, groepwerkvaardighede, luister- en praatvaardighede, interaksievaardighede, groepsdrukvaardighede en vredebewaringsvaardighede aangeleer.

Hierdie vaardighede is belangrik sodat die kind in die toekoms kan weet hoe om in verskillende situasies op te tree.

3.8.3 Konflikhantering

Kinders los probleme op onaanvaarbare maniere op, want hulle word nie aanvaarbare maniere geleer nie (Stratton, 2005:222). Soms word probleme so erg dat hulle dit self nie kan oplos nie en dan kan hulle iemand vra om as bemiddelaar op te tree. Hulle het dus geleer hoe om ‘n argument te hanteer, asook die reëls vir bemiddeling en hoe om ‘n konfliksituasie te analiseer. Die doel van hierdie sessie was om te verseker dat die leerders in die toekoms beter sou optree tydens konfrontering met konflik en met die bemiddeling van ‘n probleemsituasie. Die leerders het in groepe ‘n scenario ontvang wat hul moes oplos. Hul moes kyk na die oorsaak van die probleem, die hoofprobleem, hoe hul die probleem gaan hanteer en die effek wat die probleem op ander leerders mag hê. ‘n Voorbeeld van die boom, waarvolgens probleme analiseer is, kan as Addendum E gevind word. Hierdie vaardigheid is belangrik sodat die kind bewus kan wees van die feit dat probleme op effektiewe maniere opgelos kan word in plaas daarvan om fisies te raak.

3.8.4 Kinderregte en verantwoordelikhede

Die doel was om te verseker dat kinders bewus moet wees van hulle regte en verantwoordelikhede sodat hulle hulself kan verdedig en selfversekerd kan wees. Kinderregte is in die vak, geskiedenis, geïntegreer, waar kinderregte in kwartaal 3 ‘n fokuspunt word. Die leerders moes ook bewus word van kinderregte om te verseker dat hulle regte nie geskend word nie, soos wat een van die uitkomstes van hierdie studie dit stel. Die kinderregte en verantwoordelikhede is bespreek. Die leerders is in groepe verdeel en het regte ontvang wat hul moes uitbeeld op ‘n kunswerk wat as Addendum F gevind kan word. Dit is belangrik dat leerders bewus is van hul regte

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

om te verseker dat die nodige stappe geneem kan word indien enige reg geskend word.

3.8.5 Empatie

Die doel was om kinders bewus te maak daarvan dat aksies gevolge inhou, en dat hoe jy oor iets voel, nie beteken dat jou maat dieselfde gaan voel of optree nie. Op hierdie manier kan kinders hulself ook in ander se posisies plaas en dalk hou dit ‘n gedragsverandering in, omdat hul nie wil hê dat ander so moet voel nie.

Die leerders is in groepe verdeel. Elke groep het ‘n prent ontvang waarin boeliery uitgebeeld is. Die leerders moes antwoord hoe hulle sou voel indien hul die boelie was, asook hoe hulle sou voel indien hul die slagoffer was. Dit is belangrik om empatie teenoor ander mense te toon en dit is belangrik om jouself in die posisie van ‘n ander persoon te plaas, sodat jy weet watter gevolge jou aksies op ander persone het. ‘n Voorbeeld van so ‘n scenario kan as Addendum G gevind word.

3.8.6 Selfvertroue

Een van die interessantste dinge van mense is dat almal verskil (Moller, 1993:3). Sommige mense is intelligent en het baie selfvertroue, ander is gespanne, eerlik, liggeraak, gemotiveerd en ander nie. “Die mens funksioneer as ‘n eenheid en dit is in hierdie totaliteit van sy eienskappe, fisies en psigies, dat sy uniekheid geleë is en sy persoonlikheid ten beste verstaan kan word.” Ek argumenteer dat, indien ‘n kind se selfvertroue verbeter, die kind beter oor homself sal voel en die kind homself teen ander kinders sal verdedig. Die kinders wat boeliegedrag openbaar, en dié wat slagoffers is kan baat by hierdie sessies, asook leerders wat in die toekoms moontlike slagoffers mag wees.

Die leerders moes hulle sterkpunte en swakpunte identifiseer. Elke swakpunt moes in ‘n positiewe sin omskryf word. Die leerders het hulself herskep deur positiewe plakkers te maak (Addendum H) wat hulle by die huis moes opplak om hulself te herinner aan die positiewe. ‘n Collage is saamgestel om hulself te beskryf, en hulle is ook geleer hoe om selfversekerd op te tree. Die rede waarom selfvertroue tydens die program aandag geniet het, was om die leerders bewus te maak dat almal belangrik is en dat almal sterkpunte en talente het. Die leerders se selfbeeld is tydens hierdie

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

sessie opgebou sodat hulle as selfversekerde individue kon optree en hulself as belangrik kon beskou.

Na afloop van die program is fokusgroepe gehou om terugvoer te ontvang oor die ervaring van die leerders met betrekking tot die program. Hierdie ervarings word in Hoofstuk 4 in diepte bespreek.

3.9 Keuse van deelnemers

Die populasie vir die studie was aanvanklik alle Graad 6-leerders in die intermediêre fase, omdat navorsing toon dat boeliery in hierdie fase toeneem (Smit, 2003). Volgens my observasie kom boeliery in alle ouderdomme voor, maar ouer leerders doen dit dalk net op ‘n manier wat nie altyd fisiek van aard is nie. Die deelnemers was tussen die ouderdomme van 11 en 13 jaar wat die gemiddelde ouderdomme van intermediêre leerders oor die algemeen is. Daar is gehoop dat die voorkomingsprogram verandering met betrekking tot gedrag sou toon. Die studie het gepoog om ‘n doelgerigte steekproef te gebruik, omdat die deelnemers inligtingsryk is. Volgens Patton (2002) lewer ‘n doelgerigte steekproef insig, en begrip word uit bronne verkry wat insiggewende inligting bevat. Die steekproef het egter slegs uit deelnemers bestaan wat ingestem het en toestemming ontvang het - dus was ‘n doelgerigte steekproef nie moontlik nie. Hierdie kwessie kan as ‘n beperking vir die studie beskou word. Die program het ná skool geloop, en die leerders wat nie toestemming van hulle ouers gehad het of nie ingestem het om deel te neem nie, het soos normaal verdaag.

Die navorser het deur middel van die uitstuur van briewe, toestemming by die ouers verkry dat hulle kinders wel aan die studie mag deelneem. Die deelnemers het ook ingestem om deel te neem deur ‘n instemmingsbrief te voltooi nadat die studie aan hul verduidelik is en nadat daar aan hulle verduidelik is dat hulle op enige stadium mag onttrek indien dit sou nodig wees. Die navorser het met agt seuns begin van wie vier voluit deelgeneem het en drie se ouers wel toestemming verleen het, maar die deelnemers self nie instemming verleen het nie. Een van die seuns het instemming gegee, maar moes sokker speel op die dae wat die program uitgevoer is. Dertien dogters het voluit deel van die program uitgemaak. Sestig briewe is uitgestuur, maar slegs een en twintig het positief teruggekom.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

3.10 Datagenerering

Die prosedures wat gebruik is om data te genereer, word hieronder bespreek. Die navorser het egter ’n probleem geïdentifiseer.

3.10.1 Semi-gestruktureerde onderhoude

‘n Semi-gestruktureerde onderhoud is met die prinsipaal gevoer om te verseker dat die boelieprobleem wel as ‘n probleem beskou word. Die prinsipaal het bevestig dat boeliery by die skool wel as ‘n probleem beskou word. Daar is ook ‘n onderhoud met ‘n opvoeder gevoer om dié se ervaring rondom die leerders se gedrag na afloop van die program te identifiseer. ‘n Uittreksel van hierdie onderhoud kan in Addendum I gevind word.

Die onderhoude het op ‘n informele manier geskied, en die partye kon gemaklik gesels. Die doel van hierdie onderhoude was om insig te kry in die individue se persepsies, emosies en verwagtinge. Volgens Patton (2002) verwys kwalitatiewe onderhoude na vrae wat die deelnemers ‘n geleentheid bied om vrae in hul eie woorde te beantwoord en om hulle eie unieke perspektiewe weer te gee. Die manier waarop die deelnemers die wêreld om hul waarneem, kon dus tydens die onderhoudvoering vasgevang word.

3.10.2 Waarneming

Vir ‘n tydperk van twee weke het die navorser tydens eerste en tweede pouses die deelnemers volgens ‘n skedule (addendum L) op die speelterrein geobserveer om te sien of boeliery tydens pouses voorkom. Na afloop van die program is die leerders se gedrag steeds geobserveer om die realiteit onder die leerders na afloop van die program waar te neem.

3.10.3 Fokusgroepe

Fokusgroepmetodologie word beskryf as ‘n manier waarop kwalitatiewe inligting versamel word deurdat daar met klein groepies individue tydens informele gesprekvoering meer te wete gekom word van ‘n spesifieke tema Wilkinson (soos aangehaal in Silverman, 2004). Na afloop van die program is daar fokusgroepe met die deelnemers gehou om hulle ervarings rondom die program weer te gee. Die fokusgroepe het elk drie tot vier deelnemers ingesluit en op hierdie manier kon elke

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

deelnemer ‘n geleentheid kry om iets te sê. Leerders kon ervarings en gedagtes tydens die fokusgroepe noem.

3.10.4 Joernaal

Die navorser het ook gebruik gemaak van ‘n joernaal om gedagtes en refleksies neer te pen. Die observasies pouses tydens die program en na afloop van die program is opgeteken asook die areas wat aandag moet geniet met die implementering van ‘n volgende rondte. Die areas waar die program goed gewerk het, is ook aangedui.

3.11 Data-analise

Die doel met die analisering van kwalitatiewe data is om te verseker dat daar ‘n beter begrip van die fenomeen wat nagevors word, is (Mouton, 2001).

Daar is vier aspekte tydens die uitvoer van hierdie onderhoude in ag geneem. Die eerste een was om, onder andere, die groter prent vas te vang deur te kyk na die nie-verbale data, die emosionele toestand en die kommentaar wat deur die deelnemers gelewer is (Morgan, Krueger & Casey in De Vos, 2002). Die tweede aspek wat in ag geneem is, was die deelnemer se woordkeuse en die betekenis agter die woorde. Die navorser moes seker maak dat sy die inligting vanaf die deelnemer korrek interpreteer. ‘n Derde kwessie wat in ag geneem moes word, was die manier waarop die deelnemers mekaar se terugvoering beïnvloed het, dit was egter nie van toepassing op die onderhoude nie, aangesien die onderhoude individueel gevoer is, maar kon dalk tydens die fokusgroepe gebeur het, omdat dit in groepsverband plaasgevind het. Die laaste aspek wat aandag geniet het tydens die onderhoude, was om te kyk of die deelnemers by hul opinies bly en of die opinies tydens die voer van die onderhoude verander.

Na elke fokusgroep is die opgeneemde data getranskribeer (Addendum J) en hierdie transkripsies is herhaaldelik gelees om te verseker dat dit korrek verstaan en geïnterpreteer is, soos wat die deelnemers dit bedoel het. Hierdie data is egter gebruik om die volgende fokusgroepe met die deelnemers te beplan. Kodering, betekenisse en vergelykings is geïdentifiseer terwyl daar vir temas gesoek is. Die temas wat uit die data gespruit het, is gekodeer, verfyn en aangepas soos wat die studie verloop het (Merriam, 2002). Die data is volgens die temas gesorteer. Die

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

data van die onderhoude, observasies, deelnemersjoernaal en die navorserjoernaal is voortdurend vergelyk om veranderinge en konsekwentheid te verseker.

Die bevindinge word in Hoofstuk 4 uiteengesit.

3.12 Faktore wat data beïnvloed het

Hierdie studie is aan elke Graad 6- klas verduidelik sodat die deelnemers almal ‘n breedvoerige idee van wat die studie behels, kon hê. Die aanvanklike idee van die studie was om alle Graad 6-klasse by die studie te betrek, maar dit was egter nie die geval nie. Die deelnemers woon nie almal loopafstand van die skool af nie, en moet dus gebruik maak van openbare vervoer, dus kon almal nie aan die studie deelneem nie. Van die ouers het wel toestemming gegee, maar dan het die leerders nie instemming gegee nie. Vervoer is vir die deelnemers wat van openbare vervoer gebruik maak, gereël asook iets te ete omdat die program direk na skool plaasgevind het. Die leerders kon ook nie laat by die huis besorg word nie, omdat hul dan nog moes tuiswerk doen.

Elke sessie van die program is dus by die skool aangebied, en vir die laaste sessie het ek die deelnemers uit die skoolomgewing geneem en ‘n sessie by my huis aangebied, waar die deelnemers met ‘n braai beloon is om my dank vir hul deelname te betuig. Tydens hierdie sessie kon mens sien dat die deelnemers voel dat hulle buite die skoolomgewing is en was hulle meer op hulle gemak en kon gemakliker terugvoer gee.

Die bevindinge van die studie is slegs die data van die steekproef, so daar kon dus nie veralgemeen word nie. Diegene wat werklik boelie of geboelie word, het dalk nie deel uitgemaak van die deelnemers nie. Die een opvoeder met wie daar ‘n onderhoud gevoer is, kon ook die studie beïnvloed het, want dit was slegs die opinie van die een opvoeder en nie ander opvoeders van die skool nie. Vir die doel van hierdie studie kon die aksienavorsingspiraal slegs een siklus voltooi.

3.13 Etiese aspekte

Weens die sensitiewe aard van die navorsing was daar verskeie etiese kwessies wat in ag geneem moes word. Hierdie kwessies sluit in: die invloed van die navorser tydens die insameling van die data; die ingeligte instemming en toestemming van die

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

deelnemers; die skep van ‘n veilige en betroubare omgewing en die vertroulikheid en anonimiteit van die deelnemers.

Die navorser was die primêre instrument van data generering (Merriam, 1998), dus moes ek bewus wees van die maniere waarop ek die proses kon beïnvloed. As gevolg van die feit dat ek ‘n opvoeder by die skool is, moes ek die deelnemers verseker dat die inligting wat hulle gee, as konfidensiëel beskou sou word. Ek moes ook bewus wees van my moontlike partydigheid en die impak wat dit op die studie mag hê. Die deelnemers moes beskerm word en dit het beteken dat hul nie uitgebuit moes word nie, dus moes aan hulle gekommunikeer word dat die uitslae van die studie tot voordeel van die navorser asook die deelnemers gebruik sou word. Navorsing toon egter dat, indien dit tot die ondersteuning van leerders gebruik word, dit beter is om met leerders te werk wat jy elke dag sien teenoor leerders van ‘n ander omgewing (Meinck, Boyes & Ndhlovu, 2015). Vir hierdie rede het ek my eie skoolomgewing gekies.

Die deelnemers was onder die ouderdom van agtien jaar en dus was ingeligte geskrewe toestemming vanaf die ouers of voogde nodig en so ook geskrewe instemming vanaf die deelnemers. Alhoewel geskrewe instemming en toestemming verkry mag word, moes ek verseker dat die deelnemers nie geforseerd gevoel het om aan die studie deel te neem nie en dus moes die deelnemers ingelig word oor die reg dat hulle op enige stadium mag onttrek indien hulle so sou voel. Die deelname moes vrywillig geskied. Geskrewe instemming en toestemming is noodsaaklik vir wanneer dispute mag voorkom en dien as kontrak tussen die navorser en die deelnemer. Deelnemers moes ook ingelig word dat hulle ‘n aktiewe rol in alle stadiums van die studie sou speel Gillies en Alldred (soos aangehaal in Miller, 2012), omdat die studie aksienavorsing van aard is. Die manier waarop ek die deelnemers aangespreek het, moes ook in ag geneem word. Die kind wat boeliegedrag openbaar het, is na verwys as “‘n kind wat herhaaldelik negatiewe aksies teenoor kinders met minder mag toon” eerder as om te verwys na die kind as ‘n “boelie”. Die uitslae is ook aan die hoof gekommunikeer sodat die hoof bewus kon wees van kwessies. Daar is aan die deelnemers gekommunikeer dat, indien daar enige potensiële risikogedrag voorkom, ek die gedrag sou moes aanmeld indien die deelnemers dalk hulp sou benodig.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Toestemming vanaf die WKOD asook die skool is verkry om die navorsing by ‘n skool te doen. Etiese klaring is vanaf die Universiteit verkry en die projek nommer was SU-HSD-004233.

Die skep van ‘n veilige en betroubare omgewing was noodsaaklik vir hierdie studie. In hierdie geval moes ek aan die deelnemers kommunikeer dat alles anoniem sou geskied om vertroue te verseker Bell & Nutt (soos aangehaal in Miller, 2012). Pseudonieme is vir elke deelnemer sowel as die skool gegee. Elektroniese opnames van onderhoude is in ‘n lêer gestoor met ‘n wagwoord. Toegang tot die lêer kon nie deur enige iemand verkry word nie.

3.14 Betroubaarheid en geldigheid

“The importance of conducting research in an ethical manner is part of ensuring validity and reliability” (Collair, 2001). Daar is gepoog om hierdie studie eties uit te voer om betroubaarheid en geldigheid te verseker.

In kwalitatiewe navorsing verwys betroubaarheid volgens Guba (soos aangehaal in Anney, 2014; Shenton, 2004) na vertrouens-, toepassings-, konsekwentheids-, neutraliteits, en integriteitsbesorgdheid. Laasgenoemde is eers op ‘n later stadium bygevoeg Wallendorf & Belk (soos aangehaal in Anney, 2014). Hierdie konsepte moet deel uitmaak van navorsing om te verseker dat data betroubaar is.

Vertrouensbesorgdheid moet verseker dat die studie metings toets wat werklik getoets wil word tydens data-insameling. Die vraag is altyd of dit by die realiteit van die studie aansluit.

Toepassingsvertroue verwys na die feit dat die studie se bevindinge van toepassing is op ander situasies in die werklike lewe. Konsekwentheid verwys na die feit dat dieselfde studie, in dieselfde konteks, met dieselfde metodes en deelnemers, min of meer dieselfde resultate sal lewer.

Laastens verwys neutraliteit na die feit dat die bevindinge werklik die bedoelings van die deelnemers weerspieël.

Geldigheid verseker dat die oorspronklike data van deelnemers korrek geïnterpreteer word, “confidence that can be placed in the truth of the research findings” (Anney, 2014).

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Daar is verskillende strategieë wat gebruik kan word tydens die insameling van data, onder andere, veldnotas, onderhoude, fokusgroepe en observasie. Hierdie studie het gebruik gemaak van al hierdie strategieë en verskillende metodes om te verseker dat partydigheid uit die weg geruim word. Met observasie en insameling van data tydens kwalitatiewe navorsing, word daar van die navorser verwag om hom/haarself in die deelnemers se wêreld te plaas (Anney, 2014), en op so ‘n manier word daar verseker dat die navorser empatie met die deelnemer het.

Ek, as navorser, het betroubaarheid en geldigheid verseker deur:

- **gedurige opvolging** met die deelnemers om te verseker dat ek hul terugvoering korrek verstaan en geïnterpreteer het;
- gebruik te maak van **triangulasie** (wat die vergelyking van terugvoer vanaf verskillende deelnemers insluit) sodat die navorser verseker kon wees dat die bevindinge werklik die bedoelinge van die deelnemers weerspieël. Triangulasie maak dit ook moontlik vir die navorser om die situasie van meer as een oogpunt te beskou, om sodoende ‘n beter begrip van die fenomeen te vorm;
- ook gebruik te maak van **verskillende navorsingsmetodes** sodat, partydigheid en aannames uit die weg geruim is. Triangulasie is dus ook tydens die studie gebruik deur verskillende data-insamelings metodes te gebruik, onder andere:
    - Semi-gestruktureerde onderhoude
    - Joernale en refleksies
    - Observasies
    - Fokusgroepe

Ek het gepoog om die leser op ‘n eerlike manier van indiepte terugvoer en ‘n beskrywing van die data te voorsien.

3.15 Slot

Hierdie hoofstuk het die navorsingsproses beskryf. Die paradigma is bespreek, asook die navorsingsontwerp. Die plek van navorsing is uitgebrei om aan die leser ‘n idee te gee van die konteks waarin die navorsing geskied het. ‘n Opsomming van die boelievoorkomingsprogram is gegee asook die keuse van deelnemers,

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

datagenerering en analise. Daar was faktore wat die studie beïnvloed het wat, ook bespreek is. Laastens is die etiese aspekte sowel as die betroubaarheid en geldigheid van die studie bespreek om te verseker dat die studie op ‘n eerlike en betroubare wyse gedoen is.

Die volgende hoofstuk bespreek die demografiese inligting van die deelnemers, die bevindinge, aanbevelings uit die studie asook die refleksies van die navorser.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

HOOFSTUK 4: NAVORSINGSBEVINDINGE EN BESPREKING

4.1 Inleiding

In hierdie hoofstuk word die bevindinge van die studie bespreek. Die data word dus bekend gemaak en bespreek. Aanbevelings word gemaak vir verdere studies voorspruitend uit hierdie navorsing.

4.2 Demografiese voorstelling van deelnemers

Die aanvanklike idee van die studie was om twintig deelnemers uit elke Graad 6-klas vir die studie te betrek. Volgens Rivers en Smith (1994) is die boelie- ouderdom tussen elf en vyftien, dus is Graad 6- leerders uit elke klas genader. Die rede hiervoor was om te voorkom dat slegs my leerders deel uitmaak van die studie en om ook te verhoed dat hulle dalk verplig voel omdat ek hulle klasonderwyser is. Gevolglik is sestig briewe uitgestuur - dus twintig in elke klas, maar slegs een en twintig ouers het toestemming verleen en teen die einde van die program het slegs dertien deelnemers die program volledig deurloop. Alle deelnemers is vrywillige en regverdige kanse gegun om aan die studie deel te neem. Figuur 4.1 is ‘n samestelling van die demografiese inligting van die deelnemers. Alle leerders is tans in Graad 6.



Figuur 4.1: Demografiese inligting van deelnemers

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

4.3 Bevindinge

Hieronder volg die temas en voorbeelde voorspruitend uit die program wat die leerders deurloop het.

Temas voorspruitend uit studie	
Tema	***Voorbeeld***
Selfgelding	*"soos om vir myself op te staan en myself te verdedig"*
Empatie	*"om my in iemand se posisie te druk"*
Samewerking	*"ek het gehou van die kinderreg plakkaat en drama"*
Selfagting	*"ek sal beter oor myself dink"*
Onaangenaamheid	"dit is nie lekker nie"
Sosio-ekonomiese toestande	*"ons het ons bepaalde probleme"*

Tabel 4.1: Temas voorspruitend uit studie

4.3.1 Die voorkomingsprogram

Na afloop van die program is die primêre vraag van die studie:

- Wat is die leerders in ‘n spesifieke laerskool se ervaring van die boelie-voorkomingsprogram?

Vervolgens word die ervarings van die leerders bespreek, op grond van die fokusgroepe wat met hul gehou is. Die uittreksels in hierdie hoofstuk is uittreksels uit die fokusgroep sessies. F1 tot F4 verwys na fokusgroepe 1 tot 4. P1 tot P4 verwys na persone/ leerders, terwyl N na die navorser verwys.

4.3.1.1 Selfgelding

10 P1:Soos om vir myself op te staan en myself te verdedig

Soos uit fokusgroep 1 was van die temas wat geïdentifiseer is, selfgelding. Die leerders kon noem dat hulle hulself moet verdedig deur “nee” te sê en in die toekoms

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

die boeliegevalle aan meld in plaas daarvan om net stil te bly oor die gevalle wat plaasvind.

Een van die doelwitte van die studie was om die slagoffers die nodige vaardighede aan te leer om hulleself te verdedig en die boeliery te stop. BPYS is ‘n internasionale program wat voorsiening maak vir vaardighede by beide die slagoffer en die boelie; my program maak ook vir albei voorsiening. ‘n Studie in Suid-Afrika het ook gemeld dat dit belangrik is om beide die boelie en die slagoffer by ‘n voorkomingsprogram in te sluit. Whitted en Dupper se multidimensionele program fokus op die individu, die klas en die skool, maar vir hierdie rondte van implementering en die omstandighede wat daarmee gepaard gegaan het, het die program slegs op die individu (slagoffer of boelie) gefokus.

Die leerders kon openlik praat, en die leerders wat nooit tydens klasonderrig antwoorde verskaf nie, het selfs antwoorde gegee tydens die verloop van die program. Die kleiner groepe wat ondersteuning en geborgenheid verseker, het dit dus vir die leerders moontlik gemaak om hulle gevoelens en gedagtes met die res van die groep te deel. Die literatuur verwys na boeliery met betrekking tot ‘n leerder, en dit verwys na herhaaldelike negatiewe aksies waaraan die leerder blootgestel word. Dit kan deur een of meer leerders ondervind word. Alle leerders, volgens die terugvoering, was al in aanraking met boeliery, hetsy as slagoffer boelie. Uit die sessie wou dit dus blyk dat selfgelding dit vir die leerders moontlik gemaak het om hulle waardes te besef en te weet dat hulle meer werd is as die betekenis wat ander se aksies aan hul gee. Die opvoeder is nie altyd teenwoordig nie en leerders moet in staat wees om hulleself te verdedig, as bemiddelaars op te tree en konflik te kan hanteer (De Wet & Jacobs, 2007).

15 P4:Hoe om boelie te hanteer en ook oor selfbeeld.

Leerders het tydens fokusgroepe genoem dat hulle nie voorheen geweet het hoe om boeliegevalle te hanteer nie so waar leerders nie voorheen ingelig was om boeliery te hanteer nie, kon leerders na afloop van die program noem dat hulle nou bewus was van die hantering van die gedrag. Tydens die sessie oor probleemoplossingsvaardighede het die leerders aandagtig geluister. Dit was die sessie waar die leerders ingelig is oor hoe om die gedrag te hanteer. Die leerders

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

kon probleme analiseer volgens die boom (Addendum E) en, onder andere, die hoofprobleem, oorsaak, effek op ander en die oplossing vir ‘n spesifieke probleem identifiseer. Soos in Hoofstuk 1 gemeld, is leerders nie ten volle bewus van hoe om konflik te hanteer of hoe om probleme op te los nie. Die probeemoplossingsvaardighede maak dit egter moontlik om te stop en eers na te dink oor die gevolge van jou optredes. Die aangeleerde vaardighede maak dit dus vir leerders moontlik om effektief in probleemsituasies op te tree. Een deelnemer het die dag na hierdie aanbieding, ‘n ander leerder in die klas by ‘n naam genoem en sy het genoem dat die kind haar eerste gekoggel het. In plaas van die probleemoplossingsvaardighede toe te pas, het die leerder wat deel was van hierdie program teruggekoggel. Dit is gedrag wat die program uit die weg wou ruim. Ek het haar dadelik bewus gemaak van die analisering van ‘n probleem en het haar die situasie laat ontleed sodat sy bewus kon wees van hoe sy die situasie moes hanteer het. Hier het ek egter besef dat die afdeling dalk nie so effektief was vir al die deelnemers nie, want, alhoewel die vaardighede aangeleer is, die leerder nie die stappe gevolg het nie. Die leerder het wel berou getoon oor die manier hoe sy opgetree het wat op ‘n positiewe karaktereienskap gedui het. Die literauur meld wel dat leerders soms boeliegedrag openbaar omdat hul fisies groter as ‘n ander leerder is, maar in dié geval was die een wat eerste gekoggel het, baie kleiner in gestalte, dus maak die fisiese grootte tydens boeliery nie saak nie.

Soos uit die onderhoud met die opvoeder, het die opvoeder gemeld dat die leerders wel berou getoon het as hulle boeliegedrag openbaar het, maar die opvoeder het ook gemeld dat die berou oppervlakkig was, so daar was nie werklik iets binne die kind wat toon dat hy of sy werklik jammer was nie.

122 Hulle toon nie regtig berou.

‘n Algemene opinie oor die program is dat die program selfgelding aan die leerders bekend gestel het, want hul weet nou dat hulle boeliegevalle mag aanmeld, eerder as stilbly en ignoreer. Daar is ook ‘n boks in die klaskamer beskikbaar gestel waar leerders anonieme briefies kon ingooi, maar daar was geen briefies teen die einde van die program nie, wat wil sê dat daar geen ernstige gevalle in die klaskamer was wat leerders gehinder het nie.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

4.3.1.2 Empatie

Uit die literatuur word dit duidelik dat empatie ‘n baie belangrike vaardigheid is tydens die hantering van boeliegedrag. Duy (2013) het gemeld dat daar ernstig met die boelies gepraat moet word en dat empatie as ‘n vaardigheid aangeleer moet word, terwyl (Kolstrein & Jofre, 2013) met hierdie feit saamstem.

16 P2:Ek het ook geleer moet nie ander kinders boelie nie - optrede teenoor ander

Die leerders het genoem dat hul geleer het om nie ander te boelie nie. Hulle kon dus vir hulself die vraag afvra: hoe sou ek voel as ek in die situasie was? Die deelnemers was nie bewus van die woord, empatie, nie en die navorser moes die woord aan die leerders verduidelik aan die begin van hierdie sessie. Opvoeders kan dalk die leerders se woordeskat uitbrei deur die woord empatie te gebruik tydens boeliebesprekings of enige ander bespreking waarop empatie betrekking mag hê. Na afloop van hierdie sessie kon hulle hulself in die ander persoon se posisie plaas, want een of twee het onderlangs genoem dat dit al met hulle gebeur het en hul het ook die scenario’s lagwekkend gevind, omdat dit dalk algemene situasies was wat aan hulle bekend was.

12 P2:Juffrou, ek het geleer van empatie, want ek het geleer om my in iemand se posisie te druk.

Meer as een leerder was nou bewus van die woord, empatie, en die waarde wat daaraan geheg word. Tydens die sessie het ek ook beklemtoon dat jy jou elke keer in iemand anders se posisie moet plaas voordat jy enigsins optree en ek het ook genoem dat skool onaangenaam is vir diegene wat geboelie word. Die leerders kon hulleself met die voorbeelde identifiseer en het bespreek hoe hul in die spesifieke situasie sou optree indien hulle die slagoffers was. Een van die afdelings wat die leerders genoem het hulle sou gebruik na afloop van die program, was empatie. Hul sou hulleself in ‘n ander se posisie plaas.

Empatie verwys dus nie net na die verplasing van jouself in ‘n ander se posisie nie, maar dit verwys na ‘n teorie van denke en perspektief, om te dink en voel soos ‘n volgende persoon. Die gevoel teenoor ‘n ander moet kognitief, opreg en emosioneel van aard wees. Jy moet jouself werklik in ‘n ander se konteks plaas.

Duy (2013) meld dat empatie as ‘n vaardigheid aangeleer moet word, en ek stem hiermee saam, want daar moet ten alle tye empatie teenoor ’n ander getoon word.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

4.3.1.3 Samewerking

Naylor et al. (2006) meld dat sosiale vaardighede aangeleer moet word tydens die uitvoer van ‘n anti-boelieprogram. Ek sluit aan by hierdie stelling, want leerders moet met hul portuur en enige ander individue verkeer om te verseker dat die nodige kommunikasie effektief kan geskied. Hul moet bewus wees van hoe om te praat en hoe om te luister na ander om misverstande en konflik te vermy.

Daar is op meer as een gebied van die leerders verwag om in groepe te werk, onder andere tydens die bou van die legkaarte, die 30 sekondes- bordspel, die drama en die kinderregteplakkate. Die literatuur beklemtoon dat leerders beter in portuurgroepe leer en meer vertroud is daarmee om probleme aan hulle portuur, eerder as aan ‘n volwassene te vertel (De Wet & Jacobs, 2007). Baie van die deelnemers het van die groepwerk gehou, want oor die algemeen is daar altyd leerders wat nie onafhanklik kan of wil werk nie.

20 P3:uhm…Ek het gehou van die kinderreg plakkaat en die drama…

Kinderregte sluit aan by die sosiale wetenskappekurrikulum, en Brewer (2008) meld dat intervensieprogramme by hierdie vak kan aansluit omdat dit deel vorm van die kurrikulum. Tydens groepwerk plaas die leerders meer druk op die sterker leerder om al die werk te voltooi. Ek het met die maak van die plakkaat die leerders verdeel om seker te maak dat elkeen insae lewer en dat elke groep oor ‘n akademiese sterk leerder, ‘n spreker en ‘n kunstige leerder beskik. Van die leerders het egter nie van die groepwerk gehou nie, omdat hul verkies om op hul eie te werk. Baie keer is leerders bewus van die feit dat die sukses van groepwerk op die sterker akademiese een rus.

30 P6:En ek het nie van die groepwerk gehou nie…

Die leerders het die rolspel geniet en kon hulself suksesvol uitdruk deur gebruik te maak van die vredebewaringsvaardighede. ‘n Studie aan die Universiteit van Johannesburg meld dat rolspel en drama belangrik is by die uitvoer van ‘n voorkomingsprogram, en ek stem hiermee saam, want dit gun die leerder die geleentheid om hom/haarself uit te leef. Almal het nie van die groepwerk gehou nie.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Die 30 sekondes-spel het met sekere leerders goed gewerk, maar van die leerders kon nie die woord op die kaart lees of uitspreek nie. Die navorser moet dus seker maak dat die woordeskat op die kaarte aan die leerders bekend is. Die navorser moes egter die woord saggies vir die leerder lees en daarna kon die leerder die woord verduidelik. Ek het my eie weergawe van die bordspel gedoen deur maklike woorde te kies, maar die lees van die woorde was dalk die probleem.

Tydens die voltooiing van die kinderregteplakkaat was die leerders bewus van hulle algemene regte en kon dit uit hul koppe opnoem. Die leerders kon egter die scenario's ontleed en identifiseer watter kinderregte aangetas is, maar, alhoewel ek die leerders verdeel het, het sommige tog meer insette as ander gelewer. Van die deelnemers het gevoel dat hulle in die toekoms meer bewus van hul regte sou wees en dus sou verseker dat hul regte nie geskend word nie. Ons almal is burgers van ons land en moet dus burgerskap en ons regte vir onsself toe-eien om sodoende 'n beter land en omgewing vir onsself te verseker. Elkeen moet hulle verantwoordelike nakom en op 'n respekvolle en sorgsame manier mekaar behandel.

Boeliery kom ook in groepe voor en kan soms groep teen groep wees, dus is dit belangrik om te verseker dat positiewe portuurgroepoptredes aangeleer word. Alhoewel groepwerk dalk in sekere situasies nie suksesvol is nie, is dit tog belangrik dat leerders blootgestel word aan die interaksie met hul portuurgroep om sodoende aan te leer hoe om 'n ander se gevoelens en opinies te respekteer.

Die groepwerkaktiwiteite het hulle gedwing om na mekaar te luister en hulle het sekere vaardighede rondom groepwerk aangeleer. Een leerder het genoem dat die groepwerkvaardighede in die toekoms gebruik sal word.

34 P3:Ek het nie gehou van die skryf gedeelte nie, want ek hou nie van skryf nie.

35 N: (lag) skryf

36 P1:Ek ooki…

Tydens die groepwerk het van die deelnemers nie gehou van die gedeeltes waar hul moes skryf nie. Persoonlik voel ek dat daar nie baie skryfwerk was nie, juis omdat ek nie die deelnemers wou laat voel asof hul in 'n klas is en moes werk nie. So, vir 'n volgende rondte van implementering kan die navorser dalk die skryfwerk nog minder maak deur meer mondelingse opdragte te gee.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

4.3.1.4 Selfagting

Die doel van die selfvertroue sessie was hoofsaaklik om die deelnemers se selfbeeld te verbeter. Die deelnemers moes hul sterk- en swakpunte noem, en wat duidelik sigbaar was, was dat hul baie maklik hul swakpunte kon opnoem, maar lank gesit en dink het aan die sterkpunte. Dit is weereens ‘n bewys dat ons onsself soms laag ag en onsself net wil afkraak, terwyl daar soveel goeie aspekte rondom onsself is. Die deelnemers moes ook “herdenk jouself”- notas gemaak het (Addendum H) wat hul enige plek in hul huis of kamers moes opplak om elke dag hul positiewe aspekte te herdenk.

Die leerders moes ‘n collage voltooi waarop hulle hulself moes uitbeeld. Daarna moes hul praat oor die collage en hulself aan die res van die deelnemers voorstel. Ek dink egter dat hierdie aktiwiteit aan die begin van die program gedoen moes geword het, sodat die leerders mekaar op hierdie manier beter kon leer ken. Die leerders het dit geniet, want baie keer hou mense daarvan om hulself voor te stel. Om deur tydskrifte te blaai en vir prente te soek waarvan jy hou en nie hou nie, maak dit ook vir jou moontlik om meer oor jouself te ontdek.

24 P6:Collage…Ek het ook daarvan gehou, want dit was lekker om van jouself te praat.

Daar was egter enkeles wat nie van hierdie selfbeeldaktiwiteit gehou het nie, want hulle het nie van die gedeeltes gehou waar hul moes praat nie. Dit hang egter van persoon tot persoon af - sommiges hou van praat en ander nie. Om te verseker dat elke persoonlikheid geakkomodeer word, kan die navorser dalk toelaat dat die stiller deelnemers ‘n stukkie oor hulself skryf. Van die deelnemers het hier ook gevoel dat hul nie van die skryfwerk gehou het nie, en soos voorheen genoem, kan die navorser die skryfwerk nog meer minimaliseer.

43 P1:My selfbeelding.

44 N:Hoe bedoel jy?

45 P1:Ek sal beter oor myself begin dink..

Meer as een deelnemer het gemeld dat hulle in die toekoms beter oor hulself sal begin dink en hulself ook sal verdedig. Hul sal leer om “nee” te sê om te verseker dat daar nie oor hulle geloop word nie. Deur beter selfvertroue te kweek, soos genoem

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

in Hoofstuk 1, is dit ook moontlik om boeliery uit die weg te ruim. Omdat jy nie bang is om opinies te lug en jouself te verdedig nie, kan jy ook ander leerders help wat slagoffers is deur hulle te verdedig omdat jy goed voel oor jouself. Wanneer jy as individu daarin slaag om beter oor jouself te voel, sal jy ook nie ‘n behoefte hê om ander te verkleineer en te boelie nie. Jou optrede teenoor ander sal dus verbeter en die behoefte om ander te boelie sal minder word.

Die algemeenste probleem volgens die opvoeder is die gedrag van die leerders asook dissipline. As jy nie selfdissipline het nie, dan beteken dit dat jy nie jouself hoog ag nie, want selfdissipline gaan gepaard met selfrespek. Die opvoeder het ook gemeld dat die leerders ‘n gebrek het aan respek vir hulself asook vir hul portuurgroep en hul gesagsfigure, en hierdie kwessies gaan alles gepaard met selfagting en hoe jy jouself as individu beskou. Die skuldige toon nie werklik berou nie, maar is wel spyt dat hy uitgevang is. Daar is ook gemeld dat boeliery alreeds vir jare ‘n probleem is en dus nie ‘n probleem is wat onlangs ontdek is nie.

4.3.1.5 Onaangenaamheid

Boeliery is ‘n internasionale probleem (Carney & Merrel, 2001) en om ‘n boelieprobleem te hanteer, moet daar uitgevind word waar die leerder die weerloosste is. Die leerders spandeer die meeste van hulle tyd by die skool, en ek sou sê dat dit die plek is waar die leerder die weerloosste is, en dit lei tot onaangename gevoelens teenoor die skool. ‘n Voorkomingsprogram moet dus voorsiening maak vir ‘n veilige en gemaklike atmosfeer wat sosiale en emosionele selfregulasie (Kolstrein & Jofre, 2013) moontlik maak sodat die onaangenaamheid van boeliery uit die weg geruim kan word.

Na afloop van die sessies het die leerders gemeld dat boeliery verkeerd en onaangenaam is. Hulle het ook genoem dat hul in die vervolg vir diegene wat die gedrag toon, sal vra hoe hul sou voel indien hulle geboelie word. In die sessies het die leerders ook genoem dat slagoffers bang sou wees vir die boelies en dat hulle gevolglik bang sou wees om skool toe te kom. Dit sluit weereens by die euwel aan dat die leerders skool verlaat en ongeletterde individue word.

Die opvoeder het genoem dat die leerders te jonk is om te besef dat hul gedrag verkeerd is, maar sy sou hul altyd daarop wys dat die gedrag verkeerd is en ‘n onaangename gevoel laat. Leerders het ook gemeld dat sekere onderwysers hulle

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

nie altyd geleentheid gee om hul kant van ‘n saak te stel nie en dan word hulle in die rede geval, want slegs die ander party se opinie word in ag geneem. Hierdie gedrag van opvoeders kan ook as boeliegedrag beskou word omdat die opvoeders die skool vir die leerders op ‘n emosionele vlak onaangenaam maak. Tydens observasies pouses kon die fisiese voorkoms van die leerders ook as onaangenaam beskryf word wanneer hulle ‘n geval van boeliery in die oë moes staar. Die prinsipaal het ook in sy onderhoud genoem dat dié gedrag nie ‘n aangename gedrag is nie. Boeliery word dus as ‘n negatiewe aksie beskou wat langtermyngevolge vir die slagoffer het, soos bespreek in die literatuur in Hoofstuk 1.

Die skoolomgewing moet dus aangenaam wees om te verseker dat skoolverlating of afwesigheid van leerders nie geskied nie en sodat leerders opgewonde kan wees om soggens op te staan en skool toe te gaan.

4.3.1.6 Sosio-ekonomiese toestande

De Wet en Jacobs (2007) meld dat ‘n program ontwikkel moet word wat voorsiening maak vir die unieke sosio-ekonomiese, demografiese en kulturele omstandighede van die betrokke leerders, en dit is juis wat die studie probeer nastreef het.

Die opvoeder meld dat die tipe leerder wat by die spesifieke opvoedkundige instansie onderrig word, uit moelike omstandighede kom, en dit kan beskou word as ‘n invloed op die kind se gedrag. Die skool staar verskillende uitdagings in die oë, soos enige ander instansie. Probleme soos substansiemisbruik, tienerswangerskappe en gekruide taal word deur die opvoeder as euwels beskou. Reëls 22 tot 26 toon die verskillende uitdagings en in reël 26 word daar verwys na boeliery wat ook as ‘n uitdaging by die skool beskou word. Van die leerders in die skoolgemeenskap word aan kwessies blootgestel wat nie vir ‘n kind toepaslik is nie. Van die leerders is verantwoordelik vir jonger sibbe na skool en is selfs verantwoordelik vir die maak van aandetes. Sommiges se behoeftes is van so ‘n aard dat die leerders soms nie iets te ete by die skool het nie en dan te skaam is om deel te neem aan die voedingskema by die skool.

Omstandighede tuis hou die gevolge in dat leerders nie genoeg rus kry snags nie, omdat hul ‘n bed of kamer met ander individue in die huis moet deel. Leerders word blootgestel aan alkohol en eksperimenteer met dwelms. Van die leerders se boeliegedrag kan toegeskryf word aan frustrasies tuis wat dit vir hul onmoontlik

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

maak om tot hulle volle potensiaal by die skool te presteer. Ander leerders het ‘n tekort aan aandag tuis en al manier hoe hul aandag dan kry, is deur wangedrag te openbaar wat daartoe sal lei dat die ouers die kantoor besoek en die kind dan op hierdie manier aandag van die ouers kry. ‘n Tekort aan aandag tuis kan toegeskryf word aan die feit dat die ouers skofte werk of dat daar te veel sibbe tuis is wat aandag moet geniet. Die leerders het ook nie werklik rolmodelle in die gemeenskap nie en kyk eerder op na bendeleiers of dwelmsmouse, want dit is rolmodelle wat geld verdien en die leerders wil ook eendag geld verdien.

Sosio-ekonomiese toestande dra by tot die feit dat agressie en boeliery vermeerder, want leerders gee uiting aan hulle frustrasies en denke deur fisies te raak met ‘n ander of deur ‘n ander seer te maak of af te knou. Die skool moet dus die plek wees waar leerders veilig voel en waar hulle vir die grootste gedeelte van hulle dag voel dat hulle veilig is en dat hulle omstandighede tuis vergeet kan word.

Die bogenoemde temas som die leerders se ervaring na afloop van die voorkomingsprogram op, asook die opvoeder se ervaring van leerders na afloop van die program.

4.4 Aanbevelings voorspruitend uit studie

Na afloop van die studie was daar sekere aspekte wat geïdentifiseer is en wat meer aandag kan geniet tydens die implementering van die studie vir ‘n volgende rondte. Die aanbevelings is soos volg:

- Voer met meer as een opvoeder onderhoude - betrek dus meer opvoeders om agter te kom of die opvoeders wel ‘n verandering in die leerders se optrede ervaar
- Neem die tydperk tussen die onderhoud met die opvoeder en die afloop van die program in ag. Die tydperk is dalk te kort, dus kan veranderinge nie geïdentifiseer word nie
- Volg die program met ‘n groter groep leerders - dalk uit verskillende grade in die intermediêre fase sodat daar verseker word dat die studie met ‘n groter en beter steekproef werk
- Doen meer navorsing oor leerders se agtergronde om meer te wete te kom oor die redes waarom hul optree soos hul optree

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

- Hou sessies met opvoeders en die prinsipaal sodat die program tydens onderrig (Lewensvaardighede) gevolg kan word en sodoende meer leerders daaraan bloot te stel. Volgens die literatuur lê die sukses van die program in die manier waarop die skool die program in stand hou. Die program moet dus deur meer leerders gevolg word en aansluit by die kurrikulum
- Betrek ouers in bewusmaking teen boeliery
- Daar moet aandag geskenk word aan woordeskat tydens aanbieding van lesse; leerders beskik nie oor ‘n breëspektrum woordeskat nie
- ‘n Voorstel is dat die program se sosiale vaardighede- afdeling vroeër in die jaar moet geskied sodat die deelnemers nuwe vriende in die klas kan maak omdat almal uit verskillende klasse van die vorige jaar kom
- Elkeen moet ‘n rol speel tydens groepwerkaktiwiteite om te voorkom dat een leerder meer insette as ‘n ander lewer, almal moet dus ewe veel deelneem en insae lewer tydens groepwerk

4.5 Refleksie van navorser

Eerstens het die prinsipaal se onderhoud bevestig dat boeliery as ’n probleem by die opvoedkundige instansie beskou word. Na afloop van die onderhoud se bevestiging het die observasies tydens pouse ook bevestig dat boeliery wel tydens pouses voorkom deurdat deelnemers fisiese boeliery soos pootjie, afvat van besittings en skop toegepas het, asook verbale boeliery soos tergery. Die feit dat ek slegs die deelnemers kon waarneem, kan gesien word as ’n beperking vir die studie, omdat hulle dalk nie die leerders is wat boeliegedrag toon nie. Isolasie was ook sigbaar deurdat uitsluiting uit ’n speletjie plaasgevind het, asook subtiele boeliery waar die een deelnemer die ander beskryp het.

Tydens die verloop van die program was dit aangenaam om te aanskou hoe verskillend die leerders optree in ‘n opvoedkundige konteks teenoor informele sessies. Deelnemers kon openlik praat, en ek het die versekering gegee dat alles vertroulik geskied en niemand sou weet watter gesprekke ons gevoer het nie. Omdat die program na skool gevolg is en ‘n gemaklike atmosfeer geskep is, het leerders makliker gepraat. Sommige leerders wat nooit in die klas antwoorde gee nie, het geantwoord. Die kleiner groepe het dit dus moontlik gemaak vir leerders om met selfvertroue opinies en insae te lewer.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Sommige deelnemers kon egter nie tydens die sosiale vaardighede sessie die eenvoudige woord op hul kaart verstaan nie, en kon dus nie verduidelik nie, maar ek kon ek die woorde vir hulle lees en hulle was daarna in staat om die woord te verduidelik.

Deelnemers kan ook dalk anonieme briewe rondom selfvertroue en probleemoplossingsvaardighede skryf, sodat maats dit kan lees om toekomstige gevalle beter te verstaan en te hanteer.

Een van die doelwitte van die sosiale vaardighede- afdeling was dat die deelnemers hul sosiale vaardighede buite moes toepas om sodoende nuwe vriende te maak en ander wat geboelie word in te sluit, maar omdat die meerderheid vriende gehad het, het hul nie werklik nuwe vriende gemaak nie. Navorsing toon dat die maak van vriende kan aansluit by ‘n intervensieprogram. Die feit dat hul nie nuwe vriende gemaak het nie, kan beteken dat hul reeds vriende gehad het en dit is ‘n positiewe gevolg, omdat dit iets positiefs is indien elkeen ‘n maat het, want ‘n kind moet verhoudinge binne sy/haar portuurgroep hê.

Die deelnemers het aandagtig geluister na die inligting rondom bemiddeling en genoem dat kinders nie altyd wil luister nie. Deelnemers was bewus van hul regte en kon van die regte uit hul koppe opnoem en hul kon scenario’s op kunswerke uitbeeld. Sommige deelnemers het egter meer insette gelewer as ander tydens groepwerk. Ek moes die woord, empatie, vir die deelnemers verduidelik want hulle het die woord nie geken nie, maar nadat hul die betekenis van die woord verstaan het, kon hulle hulself in die ander persoon se posisie plaas.

Die algemene gevoel rondom die verloop van die program was positief. Ek kon aan verhoudings met die leerders werk, en die leerders het na afloop van die program meer vrymoedig gevoel om informele gesprekke met my te voer. Soos die literatuur getoon het, bestaan daar nie werklik ‘n oplossing vir boeliery nie. Die studie kan ook daarby aansluit, maar ‘n poging is wel aangewend om die probleem te verklein. Die kind se gedrag word deur gebeure tuis en in die gemeenskap gevorm. Alhoewel ‘n voorkomingsprogram dalk nie ‘n oplossing vir die probleem inhou nie, moet ons besef dat hierdie probleem nie net oppervlakkig beskou moet word nie, maar dat die probleem veel dieper lê.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Na afloop van die program was voorkomingsmeganismes in plek gestel. Leerders het wel goeie vaardighede aangeleer en, ‘n beleid is vir die skool in plek gestel. Volgens Brewer (2008) moet beleide vir skole in plek gestel word. Leerders is bewus gemaak van hulle regte, dus het die studie voorkom dat kinders se menseregte in die toekoms geskend word. Daar is wel ‘n beter begrip van verskillende leerders se daaglikse realiteite, na die persoonlike ontmoeting met die leerders.

Daar is aan die opvoeder verduidelik dat ‘n voorkomingsprogram met van die leerders voltooi is en die opvoeder het gemeld dat daar geen veranderinge aan die leerders se gedrag was nie. Volgens die opvoeder was die leerders se gedrag steeds goed. Sy het verwys na die klas as ‘n klas met goeie dissipline. Sy noem wel dat hul nie altyd onskuldig is nie, maar oor die algemeen was daar geen sigbare probleme in die klaskamer nie.

Ek, as navorser, dink persoonlik dat een en ‘n half uur per week dalk te kort is om leerders se gedragspatrone te identifiseer. Dit kan ook wees dat die tydperk tussen die onderhoud en die uitvoer van die program te kort was om enige gedragsveranderinge waar te neem. Opvoeders beleef ook klasse se gedrag verskillend, en omdat hierdie spesifieke opvoeder verskillende klasse onderrig, kon dit gewees het dat die klas se gedrag beter as ander klasse s’n was. Boeliery kom dalk nie spesifiek in die klaskamer voor nie, dalk buite, want tydens die program het die spesifieke leerders in die klas tog getoon dat hulle al by boeliery betrokke was.

Die onderhoud met die opvoeder het weereens as bewys gedien dat boeliery in skole voorkom en dat daar nie werklik ‘n langtermynoplossing vir die probleem is nie. Opvoeders doen wel hul bes, maar ‘n oplossing lê in ‘n behoefte in die opvoedkundige konteks.

Hierdie studie dien as ‘n eerste stap tot die oplossing van ‘n meer komplekse probleem. Ek het probeer en stappe gevolg om die probleem te verklein. Alle skole kan hierdie stap neem om die skoolwêreld ‘n beter plek te maak, maar wat ons kan doen om ons gedagtes te rig, is om te besef dat boeliery ‘n werklike probleem is en dat die probleem dieper lê as wat ons met die blote oog kan sien.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

4.6 Slot

In hierdie hoofstuk is die demografiese inligting van die deelnemers, die resultate en bevindinge van die voorkomingsprogram asook die uitkomste van die opvoeder se onderhoud bespreek. Aanbevelings voorspruitend uit die studie en die refleksie van die opvoeder is weergegee.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

VERWYSINGS

Anney, V. (2014). Ensuring the Quality of the Findings of Qualitative Research: Looking at Trustworthiness Criteria. *Journal of Emerging Trends in Educational Research and Policy Studies*, *5*(2), 272-281.

Bezuidenhout, C., & Coertze, S. (2013). The perceptions of youths in early adolescence concerning the role obesity plays in bullying. *A South AfricanJournal*, 14(1):67-81.

Boote, D.N., & Beile, P. (2005). Scholars Before Researchers: On the Centrality of the Dissertation Literature Review in Research Preparation. *Educational Researcher*, *34*(6), 3-15.

Boyes, M. E., Bowes, L., Cluver, L. D., Ward, C. L., & Badcock, N. A. (2014). Bullying victimisation, internalising symptoms, and conduct problems in South African children and adolescents: a longitudinal investigation. *Journal of Abnormal Child Psychology*, *42*(8), 13-24.

Brewer, E. A., & Harlin, R. P. (2008). Bullying: A Human Rights and Social Studies Issue. *Childhood Education*, *84*(6), 383-393.

Capozzoli, T., & McVey, R. S. (2000). *Kids killing kids: Managing violence and gangs in schools*. Boca Raton, Fla: St. Lucie Press.

Carney, A. G., & Merrell, K. W. (2001). Bullying in Schools: Perspectives on Understanding and Preventing an International Problem. *School Psychology International*, *22*, 364-382.

Carnine, D. (1995). Trustworthiness, useability, and accessibility of educational research. *Journal of Behavioral Education*, *5*(3), 251-258.

Coghlan, D., & Brannick, T. (2010). *Doing action research in your own organization*. London: Sage Publications.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Collair, L. (2001). *Indicators of succesful inclusion of a learner who is deaf in a mainstream class*. Unpublished MEd thesis. Stellenbosch. Stellenbosch University.

Creswill, J. (2012). *Educational Research. Planning, conducting and evaluating quantitative and qualitative research*. Boston: Pearson Publishing.

Department of Basic Education. Tips for parents and school. Bullying at school. Pretoria: Department of Basic Education. http://www.education.gov.za/Programmes/SafetyinSchools.aspx

Department of Education. (2014). Bullying at school. Pretoria:Department of Education. https://www.westerncape.gov.za/general-publication/bullying-school.

De Vos, A.S. (2002). *Research at Grass Roots: For the Social Sciences and Human Services Professions* (2nd Edition). Pretoria: Van Schaik Publishers.

De Wet, C., & Jacobs, L. (2007). Riglyne vir die voorkoming van bullebakkery in 'n skoolkoshuis. *Tydskrif Vir Geesteswetenskappe*, *47*(3), 331-348.

De Wet, A. (2016). Understanding harassment and bullying of learners in school : an education law perspective. *Child Abuse Research in South Africa*, *17*(1), 24-35.

Duy, B. (2013). Teachers' attitudes toward different types of bullying and victimization in turkey. *Psychology In The Schools*, *50*(10), 987-1002.

Gini, G., Pozzoli, T., Borghi, F., & Franzoni, L. (2008). The role of bystanders in students' perception of bullying and sense of safety. *Journal of School Psychology*, *46*(6), 617-638.

Goddard, C. (2008). Cyber World Bullying - Suggestions for addressing issues of status, identity, security, and human rights to help eradicate bullying in schools. *The Education Digest*, 73*(7)*, 4-14.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Johnson, b. (2013). Weight bias: The Bull's-Eye of Bullying. *Education Digest*, *79*(3), 43-45.

Kolstrein, A. M., & Jofre, M. I. T. (2013). Bullying: an analysis from the perspective of human rights, target groups and interventions. *International Journal of Childrens Rights*, *21*(1), 46-58.

Laas, A. (2012). Combating bullying in schools: A South African legal perspective.Universiteit van Pretoria, Pretoria, Suid-Afrika.

Lee, C. (2004). *Preventing bullying in schools. A guide for teachers and other professionals*. London: Paul Chapman Publishing.

Liang, H., Flisher, A. J., & Lombard, C. J. (2007). Bullying, violence, and risk behavior in South African school students. *Child Abuse & Neglect*, *31*(2) 161-171.

Maree, K. (2005). Bending the neck to the yoke or getting up on one's hind legs? : getting to grips with bullying. *Acta Criminologica*, *18*(2), 15-33.

McKay, M & Fanning, P. (1992). *Self-Esteem Second Edition.*United States of America:Shelbey Designs & Illustrates.

Meinck, F., Cluver, L. D., Boyes, M. E., & Ndhlovu, L. D. (2015). Risk and Protective Factors for Physical and Emotional Abuse Victimisation amongst Vulnerable Children in South Africa. *Child Abuse Review*, 24(3) 182-197.

Memoh, C. N. (2013). An investigation of the different forms of bullying amongst grade 10 learners in South African schools: A case study of three schools in the Western Cape.Universiteit van Wes-Kaap, Kaapstad, Suid-Afrika.

Merriam, S.B. (1998). *Qualitative Research and case study application in education*. (2nd ed.). San Francisco: Jossey-Bass.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Merriam, S. B., & Merriam, S. B. (2009). *Qualitative research: A guide to design and implementation*. San Francisco: Jossey-Bass Publishers.

Miller, T. (2012). *Ethics in qualitative research*. London: SAGE.

Mouton, J. (2001). *How to succeed in your master's & doctoral studies*. Pretoria: Van Schaik.

Möller, A. T. (1993). *Perspektiewe oor persoonlikheid*. Durban: Butterworths.

Naylor, P., Cowie, H., Cossin, F., Bettencourt, R., & Lemme, F. (2006). Teachers' and pupils' definitions of bullying. *British Journal of Educational Psychology*, *76*(3) 553-576.

Neser, J., Ladikos, A., & Prinsloo, J. (2004). Bullying in schools : an exploratory study. *Child Abuse Research in South Africa*, *5*(1), 5-18.

Olweus, D. (1993). *Bullying at school*. What we know and what we can do. USA:Blackwell Publishers.

Olweus, D., & Limber, S. P. (2010). Bullying in School: Evaluation and Dissemination of the Olweus Bullying Prevention Program. *American Journal of Orthopsychiatry*, *80*(1), 124-134.

Patton, M.Q. (2002). *Qualitative research and evaluation methods* (3rd ed.). London: Sage Publications.

Rigby, K. (2002). *New perspectives on bullying*. London: Jessica Kingsley Publishers.

Rivers, I., & Smith, P. K. (1994). Types of Bullying Behaviour and Their Correlates. *Aggressive Behavior*, *20*(5), 359-368.

Smit, M. (2003). The bully/victim problem in South Africa's primary schools. *Acta Criminologica*, *16*(4), 27-33.

Sullivan, K. (2011). *The anti-bullying handbook*. Los Angeles, Calif: SAGE.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Swearer, S. M., Espelage, D. L., Vaillancourt, T., & Hymel, S. (2010). What can be done about school bullying? Linking research to educational practice. *Educational Researcher*, *39*(1), 38-47.

Terre Blanche, M. & Durrheim, K. (1999). *Research in practice: Applied methods for the social sciences*. Cape Town: University of Cape Town Press.

Terre Blanche, M. & Durrheim, K. & Painter, D. (2006). *Research in practice: Applied methods for the social sciences*. Cape Town: UCT Press.

Thornberg, R. (2011). 'She's Weird!'— The Social Construction of Bullying in School: A Review of Qualitative Research. *Children & Society*, *25*(4), 258-267.

Timm, V. M., & Eskell-Blokland, L. M. (2011). A construction of bullying in a primary school in an underprivileged community : an ecological case study. *South African Journal of Psychology*, *41*(3), 339-350.

Townsend, L., Flisher, A. J., Chikobvu, P., Lombard, C., & King, G. (2008). The relationship between bullying behaviours and high school dropout in Cape Town, South Africa. *South African Journal of Psychology*, *38*(1), 21-32.

Webster-Stratton, C. (1999). *How to promote children's social and emotional competence*. London: P. Chapman.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

ADDENDUM A: Toestemming vanaf WKOD

DIREKTORAAT: NAVORSING

Audrey.wyngaard@westerncape.gov.za

tel.: +27 21 467 9272 faks: 0865902282

Privaatsak x9114, Kaapstad 8000

wced.wcape.gov.za

VERWYSING: 20170201 - 7896

NAVRAE: Dr A.T Wyngaard

Mej Shannon Goliath
5 Bonito Street
White City
Saldanha
7395
Beste Mej Shannon Goliath

NAVORSINGSTITEL: DIE IMPLEMENTERING VAN 'N BOELIE-VOORKOMINGSPROGRAM VIR LAERSKOOL LEERDERS DEUR AKSIE NAVORSING

U aansoek om bogenoemde navorsing in skole in die Wes-Kaap te onderneem, is toegestaan onderhewig aan die volgende voorwaardes:

1. Prinsipale, opvoeders en leerders is onder geen verpligting om u in u ondersoek by te staan nie.
2. Prinsipale, opvoeders, leerders en skole mag nie op enige manier herkenbaar wees uit die uitslag van die ondersoek nie.
3. U moet al die reëlings met betrekking tot u ondersoek self tref.
4. Opvoeders se programme mag nie onderbreek word nie.
5. Die ondersoek moet onderneem word vanaf **30 Januarie 2017 tot 29 September 2017**
6. Geen navorsing mag gedurende die vierde kwartaal onderneem word nie omdat skole leerders op die eksamen (Oktober tot Desember) voorberei.
7. Indien u die tydperk van u ondersoek wil verleng, moet u asb met **Dr A.T. Wyngaard** in verbinding tree by die nommer soos hierbo aangedui, en die verwysingsnommer aanhaal.
8. 'n Fotostaat van hierdie brief sal oorhandig word aan die prinsipaal van die inrigting waar die beoogde navorsing sal plaasvind.
9. U navorsing sal beperk wees tot die lys van skole soos wat by die Wes-Kaap Onderwysdepartement ingedien is.
10. 'n Kort opsomming van die inhoud, bevindinge en aanbevelings van u navorsing moet voorsien word aan die Direkteur: Onderwysnavorsing.
11. 'n Afskrif van die voltooide navorsingsdokument moet ingedien word by:

    Die Direkteur: Navorsingsdienste
    Wes-Kaap Onderwysdepartement
    Privaatsak X9114
    KAAPSTAD
    8000

Ons wens u sukses toe met u navorsing.

Die uwe
Geteken: Dr Audrey T Wyngaard
Direktoraat: Navorsing
DATUM: 02 Februarie 2017

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

ADDENDUM B:Toestemming vanaf opvoedkundige instansie

Geagte Me. S. Goliath

Toestemming Navorsing

Hiermee verleen ek toestemming dat u kan voortgaan met u navorsing.

U navorsing is op 'n gebied waarmee ons en baie met skole mee probleme het. Ons het oplossings, maar dit werk baie keer nie. Daar is geen probleem om dit by die lewensvaardigheid kurrikulum te implementeer nie.

Hierdie is 'n aktuele saak en ek stel belang in die uitkoms daarvan. Ek hoop u sal dit met ons kan deel sodat dit tot voordeel van die skool strek. Ek ondersteun die implementering van nuwe idees en aanbevelings wat lei tot groei en ontwikkeling.

Alle voorspoed en sterkte. Ek weet dat u 'n sukses daarvan sal maak en eendag met u meestersgraad kan spog.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

ADDENDUM C:Inwilliging van deelname

UNIVERSITEIT·STELLENBOSCH·UNIVERSITY
jou kennisvennoot • your knowledge partner

UNIVERSITEIT STELLENBOSCH
INWILLIGING OM DEEL TE NEEM AAN NAVORSING

Titel: Die implementering van 'n boelie-voorkomingsprogram vir laerskool leerders deur aksie navorsing.

U word gevra om deel te neem aan 'n navorsingstudie wat uitgevoer sal word deur Me.Shannon Lee Goliath, 'n M.Ed Opvoedkundige Ondersteuning student , van die Departement van Opvoedkundige Sielkunde aan die Universiteit Stellenbosch waar die verslag deel sal word van 'n navorsingstesis. U kind is as moontlike deelnemer aan die studie gekies omdat hy/sy deel uit maak van 'n omgewing waar boelie-gedrag as 'n probleem identifiseer is.

1. DOEL VAN DIE STUDIE

Die doel van hierdie kwalitatiewe studie is tweeledig: eerstens om die leerders se ervaring van die voorkomingsprogram te verstaan en tweedens om die opvoeders se ervaring rondom leerders se gedrag na die implementering van die program te verstaan.
Die doelwitte van die studie is om te poog om te:

- verseker dat 'n beleid in plek gestel word vir die skool.
- voorkom dat kinders se menseregte in die toekoms geskend word.
- verstaan wat verskillende leerders se realiteite toon.
- verseker dat voorkomingsmeganismes in plek gestel word.

2. PROSEDURES

Indien u inwillig vir u kind om aan die studie deel te neem, vra ons dat u die volgende moet doen:

- voltooi hierdie vorm wat sal dien as toestemming, u kind sal wel ook 'n instemming vorm voltooi

Die leerders sal verskillende sosiale vaardighede aanleer, sodat hul beter menseverhoudings kan bou in die toekoms. Probleemoplossingsvaardighede sal aangeleer word, sodat probleme op 'n effektiewe manier opgelos kan word. Die leerders sal ook bewus gemaak word van hul kinderregte en verantwoordelikhede sodat hulle in staat sal wees om op te staan vir hulself. Om met empatie teenoor ander op te tree is 'n vaardigheid wat nie almal besit nie. Hierdie program sal poog om leerders bloot te stel aan empatie. Laastens sal selfvertroue as 'n vaardigheid 'n fokuspunt wees, sodat leerders in staat sal wees om beter oor hulself te voel en dink.Leerders sal aktief betrokke wees in die program aangesien die program interaktief van aard is, speletjies sal gespeel word, rolspel sal uitgevoer word, kunswerke sal ten toon gestel word. Die program poog om op 'n kreatiewe manier verskillende vaardighede en kennis aan die leerders oor te dra. Die leerders sal ook tydens pouses, vir twee weke deur die navorser observeer word sodat hul aksies rondom boelie-gedrag duidelik na vore kom. Fisiese boelie-gedrag soos skop, slaan, pootjie sal observeer word om bewus te wees van fisiese boelie gevalle. Verbale boelie-gedrag, soos terg of name noem, sal observeer word, asook isolasie soos uitsluiting van 'n leerder en subtiele boelie-gedrag soos die aanraking van 'n ander op 'n ongewenste manier. Op hierdie manier sal daar identifiseer word of boelie-gedrag op meer as een vorm onder leerders voor kom. Hierdie observasie is noodsaaklik sodat die program op grond van hierdie aksies ook aangepas kan word.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

3. MOONTLIKE RISIKO'S EN ONGEMAKLIKHEID

Die bogenoemde navorsingsproses wat hierbo beskryf word, sal nie enige onvoorsiene risiko's, ongemak of ongerief veroorsaak nie. Indien u kind nie meer bereid is om deel te neem aan die studie nie, mag u kind onttrek op enige stadium in die proses. Alle data sal anoniem geskied en pseudonieme sal gebruik word. Indien daar enige emosionele ongemak is na die onderhoude en u voel u kind berading nodig het, sal die skoolsielkundige van die Weskus Distrik, Me.De Vries (022 719 1809) bereid wees om u te sien.

4. MOONTLIKE VOORDELE VIR PROEFPERSONE EN/OF VIR DIE SAMELEWING

Die studie poog om die boelie probleem onder die leerders in die laerskool te verminder en toekomende gevalle te voorkom. Die leerders sal nodige vaardighede aanleer om hulself te ontwikkel.

5. VERGOEDING VIR DEELNAME

Geen finansiële vergoeding sal aan enige deelname gemaak word nie.

6. VERTROULIKHEID

Geen persoonlike of identifiseerbare inligting rakende u kind sal weergegee word tydens die ontleding of publisering van die studie nie. Vertroulikheid sal gehandhaaf word deur middel van beide die opnames en die transkribsies op 'n veilige plek, wat net die navorser kan bereik, te stoor. Slegs die navorser en haar studieleier sal toegang het tot hierdie data en na die studie sal die opnames uitgewis word. Sodra die opnames transkribeer is, het die deelnemer die reg om die transkribsie oor te gaan en te verander indien dit die geval sou wees. Alle data sal anoniem geskied en pseudonieme sal gebruik word. Tydens die publikasie van die uitslae, sal geen name genoem word nie om sodoende die regte van die deelnemers te beskerm. Na die afloop van die studie sal vetroulike data uitgewis word.

7. DEELNAME EN ONTTREKKING

U kan self besluit of u kind aan die studie wil deelneem of nie. Indien u kind inwillig om aan die studie deel te neem, kan u kind te enige tyd homself/haarself daaraan onttrek sonder enige nadelige gevolge. U kind kan ook weier om op bepaalde vrae te antwoord, maar steeds aan die studie deelneem. Die ondersoeker kan u kind aan die studie onttrek indien omstandighede dit noodsaaklik maak.

8. IDENTIFIKASIE VAN ONDERSOEKERS

Indien u enige vrae of besorgdheid omtrent die navorsing het, staan dit u vry om in verbinding te tree met:
Me. Shannon Goliath
Tel: 083 762 9881
E-Pos:shangol1208@gmail.com of
Me.L.Collair
Tel: 021 808 2304
E-Pos: lyncol@sun.ac.za

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

9. REGTE VAN PROEFPERSONE

U kind kan te enige tyd sy/haar inwilliging terugtrek en die deelname beëindig, sonder enige nadelige gevolge vir hom/haar. Deur deel te neem aan die navorsing doen hy/sy geensins afstand van enige wetlike regte, eise of regsmiddel nie. Indien u vrae het oor u kind se regte as deelnemer by navorsing, skakel met Me Maléne Fouché [mfouche@sun.ac.za; 021 808 4622] van die Afdeling Navorsingsontwikkeling van die Universiteit van Stellenbosch.

VERKLARING DEUR PROEFPERSOON OF SY/HAAR REGSVERTEENWOORDIGER

Die bostaande inligting is aan my,..... [*naam van ouer*], gegee en verduidelik deur Shannon Goliath in Afrikaans en die deelnemer is dié taal magtig. *Ek* is die geleentheid gebied om vrae te stel en my vrae is tot my bevrediging beantwoord.

Ek gee hiermee my toestemming dat my seun/dogter.....mag deelneem aan hierdie studie.'n Afskrif van hierdie vorm is aan my gegee.

_____

Naam van proefpersoon/deelnemer

_____ _____

Handtekening van deelnemer **Datum**

VERKLARING DEUR ONDERSOEKER

Ek verklaar dat ek die inligting in hierdie dokument vervat verduidelik het aan [.....*naam van die deelnemer se ouer*]. Hy/sy is aangemoedig en oorgenoeg tyd gegee om vrae aan my te stel. Dié gesprek is in *Afrikaans* gevoer en *geen vertaler is gebruik nie.*

_____ _____

Handtekening van ondersoeker **Datum**

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

ADDENDUM D: Boeliegedrag getoon

Soorte afknouery	Gesien/iemand aan my gedoen? Ja	Nee
Skuilname vir kinders	X	
Negatiewe opmerkings	X	
Intimidasie	X	
Dreig ander	X	
Afbrekende sms'e		X
Stamp	X	
pootjie	X	
iemand uitsluit		X
lelike tekens wys	X	
Skinder van ander	X	
maak persoonlike inligting bekend		X
Gerugte versprei		X
Iemand spot oor seksuele oriëntasie		X
manipulasie		X
Iemand op kletskamers beledig/skinder		X

Soorte afknouery	Ek het dit al aan ander gedoen. Ja	Nee
Skuilname vir kinders	X	
Negatiewe opmerkings		X
Intimidasie	X	
Dreig ander		X
Afbrekende sms'e	X	
Stamp		X
pootjie		X
iemand uitsluit	X	
lelike tekens wys		X
Skinder van ander	X	
maak persoonlike inligting bekend	X	
Gerugte versprei		X
Iemand spot oor seksuele oriëntasie	X	
manipulasie		X
Iemand op kletskamers beledig/skinder	X	

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

ADDENDUM E:Ontleding van konfliksituasie



Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

ADDENDUM F:Kinderregte

Groep 10: Elke middag moet jy na jou boeties en sussies omsien terwyl jou maats heerlik buite speel. Watter reg word aangetas?

Groep 11: Jou vriendekring boelie jou om saam met hulle sigarette te rook en naweke te drink, jy wil nie, maar jy is bang om nee te sê, want jy wil nie hê hulle moet dink jy is `n lafaard nie en wil nie hê hulle moenie meer maats wees met jou nie. Watter reg word aangetas?

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

ADDENDUM G:Boelie scenarios

Hoe voel jy en die een wat skinder?

Hoe voel die kind oor wie julle skinder?

Hoe sou jy voel wanneer twee kinders van jou sou skinder?

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

ADDENDUM H: Positiewe plakkers

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

ADDENDUM I: Opvoeder transkripsie

N: (Lag) Dankie, so juffrou is darem amper naby aftrede.

O: Ja,ja

N: So oor die algemeen het u nou genoem u is al 36 jaar in die onderwys,nè?So hoe sal u u skoolgemeenskap beskryf? In betrekking met enige iets wat in u gedagte opkom?

O: Mmm, mmm. Die skoolgemeenskap is uhm mileu gestremd ja ons het, ons het ons bepaalde probleme, uhm `n mileu gestremde gemeenskap het mos maar sosiaal, maatskaplike probleme soos substansie misbruik, uh tienerswangerskappe en die een ding wat my die meeste pla, is die kinders raak groot in huise waar daar met hulle gepraat word in gekruide taal. Uhm hulle voel soos 'n "hier jy" as hulle uit die huise uitkom en hulle gedrag pas daarby, want hulle is gewoond daaraan. Sosio-ekonomies

N:Ja, want hulle is gewoond daaraan.

O:Ja,ja. So uhm, sou u uhm, die algemene probleem dan as gedrag beskryf of wat sou u as die algemeenste probleem in die skool beskryf?

N:Ja, gedrag, dissipline. Dissipline is `n algemene probleem uhm die kinders se swak gedrag uitinge, hulle het `n gebrek aan respek. Gebrek aan respek vir hulleself, hul portuur en vir hul gesagsfigure en hulle het miskien nog bietjie vrees vir `n gesagsfiguur, oor gevolge vir verkeerde dade, maar hulle het nie respek, hulle het nie waarlik respek nie. En nog `n probleem is boelie self. Algemene probleme

N:Ja, want dis nou my volgende vraag, uhm hoe ervaar u die boelie-gedrag by die skool oor die algemeen.

O: Dit kom in alle klasse voor, ons sien dit pouses ook. Dis enkele kinders wat boelie, maar tog vind jy in elke klas `n boelie, maar dis enkele kinders wat op die skool bekend is as boelies. Wie toon die gedrag

N: Ja, en dan uhm. Sou u sê dis problematies of kan die skool dit hanteer?

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

O:Hulle kla nie van mekaar nie.

N:Kla hulle nie? Okei

O:Ek het nog nooit so daaraan gedink nie, maar hulle kla nie van mekaar nie geen klagtes

N:So met ander woorde..

O:Daar is nie klagtes nie in die klas nie

N:So oor die algemeen hoe sal u die klas atmosfeer beskryf? Atmosfeer in klas

O:Uhmm dit is vir my, dit is vir my eintlik `n vars briesie om in daai klas in te gaan, omdat as ek inkom dan voel ek ek is nou met kinders te doen, uhm kinders wat…hulle is gedissiplineerd, nie altyd gedissiplineerd nie, as hulle nie werk het nie dan gaan hulle woelig wees, maar sodra jy werk gee dan werk hulle, hulle vra vrae, uhm daar kan jy die selfvertroue sien, as hulle iets nie verstaan nie sal hulle sê hulle verstaan nie dit nie of hulle wil uitbrei op iets wat hulle weet wat wat vir my goed is.

N: Okei u het nou daardie vragies geantwoord en uhm na afloop…ek as navorser het `n voorkomingsprogram met hulle gedoen en ek voer nou die onderhoud na afloop van die program, maar u noem dat daar geen daadwerklike verandering in hul gedrag is nie?

O:Hulle het in die kwartaal bietjie woelig geraak,maar toe ek op `n dag weer daar ingaan was hulle weer mooi rustig soos voorheen.. nie sigbare veranderinge

N:Juffrou, dit was nou vir my regtig `n groot plesier om met u te gesels wat so kundig oor die onderwerp kon gesels en wat vir my my nodige inligting kon bied, so ek waardeer dit en baie dankie dat u ingewillig het om met my `n onderhoud te voer.

O:Dit was my plesier, enige iets sal ek vir u doen, juffrou.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

ADDENDUM J:Uittreksel uit fokusgroepe

N:Dankie dat julle weereens hier is om die sessie by te woon. Ons het alreeds die program voltooi, maar vandag is julle hier om vir my bietjie te vertel hoe julle die program ondervind het. Ek gaan ‘n paar vrae vra en elkeen in die groepie moet antwoord voordat ons sal aangaan na die volgende vraag toe, want dit is baie belangrik dat almal moet deelneem, sodat ons almal se opinies verstaan. Is dit reg so?

P1:Ja juffrou.

N:My eerste vraag: Wat het jy geleer oor die program?

P1:Ek het geleer hoe om teen ander mense op te tree… - optrede teenoor ander

N:Hoe bedoel jy op te tree?

empatie

P1:Soos om vir myself op te staan en myself te verdedig

N: Mooi so, Zahier! Anny?

P2:Juffrou, ek het geleer van empatie, want ek het geleer om my in iemand se posisie te druk.

selfgelding

N:Ek is baie bly jy het ‘n nuwe woordjie geleer, Anny…Jody?

P3:Ek het geleer hoe om “nee” te sê

P4:Hoe om boelie te hanteer en ook oor selfbeeld.

P2:Ek het ook geleer moet nie ander kinders boelie nie.- optrede teenoor ander

N:Ek is baie bly om te hoor dat julle so oulik geluister het en baie geleer het, ons moet net alles ten alle tye onthou en ‘n verskil in iemand ander se lewe maak. Ek wil graag weet waarvan het julle gehou?

P3:uhm…Ek het gehou van die kinderreg plakkaat en die drama…-drama

P2: Ek ook, juffrou…

kinderregte

N:Wie het nog van die drama gehou? (stilte)

P1:Ek het van die plakkaat ook gehou en die selfbeeld, want ek het myself in die posisie geplaas?

N:Hoe bedoel jy in die posisie geplaas?

selfbeeld

P1:Ek het gedink hoe ander voel as hulle geboelie word.

N:Ok, dankie ek verstaan.

P4:Juffrou, die kinderregte plakkaat want ek het geleer hoe om vir myself op te staan en van die regte.

N:Is daar nog iets waarvan julle gehou het? (stilte) so ons kan aanbeweeg?

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

ADDENDUM K:Prinsipaal transkripsie

N: En vir hoe lank is u al in hierdie posisie?

P:Hierdie jaar is ek 3 jaar prinsipaal.

N: Wat sou u beskryf as die grootste euwel op die skool?

P: Uhmmm. Boelie-gedrag.

N:En wat is u mening of algemene opinie rondom boelie-gedrag by die skool?

P:Die gedrag is onaanvaarbaar en dit kom dikwels uit `n agtergrond waar die leerder min of geen liefde kry, min ouerbetrokkenheid, word fisiek mishandel of emosionele uitbarstings. Sosio-ekonomiese

N:Ja die gedrag is definitief nie oppervlakkig nie en moet dieper na gekyk word, mens voel soms magteloos.

P:Ja, hande voel afgekap.

N:Tydens u jare as opvoeder, voordat u as prinsipaal aangestel is, wat was u algemene gevoel rondom boelie insidente?

N: Ok ek wou net seker maak. Die volgende vraag is rondom die boelie beleid van die skool...wat kom in die boelie-beleid van die skool voor? Geen boelie-beleid

P: Daar is nie spesifiek `n boelie-beleid nie, maar die skool se gedragskode maak wel voorsiening oor wat die optrede moet wees wanneer `n leerder hom of haar skuldig maak aan boelie-gedrag. Boelie vorm deel van die vlak 3 oortredings en die aksie is: waarskuwingsbrief, gemeenskapsdiens of detensie... uhm,ja.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

ADDENDUM L:Observasie skedule

Verskillende boelie-gedrag op die speelgrond tussen 10:20 tot 10:40 en 12:20 tot 12:35

Week 1:

Fisiese boelie-gedrag:

- Slaan
- **Pootjie**
- **Skop**
- Knyp
- Vat leerders se besittings af

Slagoffer reaksie:

Slagoffer sê “los my uit”

Verbale boelie-gedrag:

- Konflik
- **Terg**
- Noem name
- Dreig
- Versprei onware stories oor `n ander leerder
- Breek leerders se selfvertroue

Slagoffer reaksie:

Slagoffer loop slegs aan en reageer nie

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Isolasie:

- **Uitsluiting van ander leerder uit `n speletjie**
- Uitsluiting van leerder uit die vriendekring

Slagoffer reaksie:

Staan alleen pouse en eet haar brood

Subtiele boelie-gedrag: Geen subtiele boelie-gedrag het plaasgevind nie

- Aanraking op `n ongewenste manier
- Maak gebruik van selfone of briefies om ander te na te kom
- Bekryp `n ander leerder

Slagoffer reaksie:

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Verskillende boelie-gedrag op die speelgrond tussen 10:20 tot 10:40 en 12:20 tot 12:35

Week 2:

Fisiese boelie-gedrag:

- Slaan
- Pootjie
- Skop
- Knyp
- **Vat leerders se besittings af**

Slagoffer reaksie:

Hardloop agterna en skree "gee my chips"

Verbale boelie-gedrag: Geen verbale boelie-gedrag

- Konflik
- Terg
- Noem name
- Dreig
- Versprei onware stories oor `n ander leerder
- Breek leerders se selfvertroue

Slagoffer reaksie:

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Isolasie: Geen isolasie

- Uitsluiting van ander leerder uit `n speletjie
- Uitsluiting van leerder uit die vriendekring

Slagoffer reaksie:

Subtiele boelie-gedrag:

- Aanraking op `n ongewenste manier
- Maak gebruik van selfone of briefies om ander te na te kom
- **Bekryp `n ander leerder**

Slagoffer reaksie:

“Jy jou ma se” vloekwoord volg egter nie, leerder het wel geskrik

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

ADDENDUM M: Taalversorging sertifikaat

LIEZEL TAALDIENSTE
LANGUAGE SERVICES

Geelhoutlaan 12
Stilbaai
6674

1 September 2018

Vir wie dit mag aangaan

Hiermee verklaar ek dat ek, Liezel de Vries-Strydom, die taalversorging van Shannon Goliath se tesis wat handel oor boeliery op laerskool in Augustus 2018 gedoen het.

My beste wense vergesel haar

L. de Vries - Strydom

Liezel de Vries-Strydom (Elizabeth)

Liezel de Vries-Strydom BA, SOD/SED
Dipl in Vertaalkunde / Translation Studies, Lid van SA Vertalersinstituut / Member of SA Translators' Institute
Cell: 083 234 6772 **Tel:** 028 754 1127 **E-pos/E-mail:** liezeldevries@gmail.com

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

ADDENDUM N: Opvoeder en Prinsipaal vraelys

Onderhoudsvrae aan onderwyser:

Persoonlike vrae:

1. Watter fase onderrig u tans?
2. Hoeveel jare ondervinding het u in hierdie fase?
3. Wat is u huidige ouderdom of in watter kategorie val u? 20-30jaar/30-40jaar/40-50jaar/50-60jaar
4. Hoe lank is u al in die onderwys oor die algemeen?

Skoolgemeenskap:

5. Hoe sou u u skoolgemeenskap beskryf?
6. Wat sou u beskryf as die algemeenste probleem in die skool?
7. Hoe ervaar u die boelie-gedrag by die skool?
8. Sou u boelie-gedrag as problematies beskou of nie?

Definisie:

9. Hoe sou u boelie-gedrag beskryf?

Boelie-gedrag:

10. Wanneer kom die gedrag voor?
11. Hoe spreek u die boelie-gedrag aan?
12. Watter aksieplan het die skool rondom boelie-gedrag en wat behels hierdie plan?
13. Indien die leerders aangespreek word rondom hul gedrag, hoe reageer die leerders?

Fisiese boelie-gedrag:

14. Wat sou u beskou as fisiese boelie-gedrag?
15. Wanneer kom fisiese boelie-gedrag soos:skop, trap, klap ens. die meeste voor?
16. Hoe reageer u indien u `n kind sien wat `n ander kind fisies boelie?

Emosionele boelie-gedrag:

17. Wat sou u beskou as emosionele boelie-gedrag?
18. Wanneer kom emosionele boelie-gedrag die meeste voor?
19. Hoe reageer u indien u `n kind sien wat `n ander emosioneel afknou?

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Klaskamer:

20. Hoe beleef u die klas met betrekking tot konflikhantering?
21. Hoe beleef u die klas met betrekking tot selfvertroue? Tree leerders met selfvertroue op?
22. Hoe beleef u die klas met betrekking tot sosiale vaardighede?
23. Sou u sê daar heers `n atmosfeer van respek vir mekaar? Verduidelik en brei uit.
24. Hoe tree leerders op met betrekking tot mekaar se besittings?
25. Wat is die algemeenste kwessie waaroor die leerders by u as opvoeder kla?
26. Hoe tree u op rondom die kwessie?
27. Hoe sou u die atmosfeer van die klas beskryf?

Na afloop van die voorkomingsprogram:

28. Watter gedragskenmerke is duidelik sigbaar?
29. Hoe werk die leerders in groepe saam?
30. Met betrekking tot vriendskappe, hoe sou u vriendskap in die klaskamer beskryf?
31. Hoe beleef u die klas met betrekking tot konflikhantering?
32. Hoe beleef u die klas met berekking tot selfvertroue? Tree leerders met selfvertroue op?
33. Hoe beleef u die klas met betrekking tot sosiale vaardighede?
34. Sou u sê daar heers `n atmosfeer van respek vir mekaar? Verduidelik en brei uit.
35. Hoe tree leerders op met betrekking tot mekaar se besittings?
36. Hoe sou u die atmosfeer van die klas beskryf?

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Onderhoudsvrae aan prinsipaal:

Persoonlike vrae:

1. Hoelank is u al in die onderwys?
2. In watter ouderdomskategorie val u? 20-30jaar/30-40jaar/40-50jaar/50-60jaar?
3. Wat was u posisie in die skool voordat u aangestel was as prinsipaal?
4. Hoelank is u al in posisie as prinsipaal?

Skoolgemeenskap

5. Wat sou u beskryf as die grootste euwel op die skool?
6. Wat is u mening rondom boelie-gedrag by die skool?
7. Tydens u jare as opvoeder,voordat u as prinsipaal aangestel is, wat was u algemene gevoel rondom boelie insidente?
8. Verwys opvoeders kinders na u op grond van boelie-gedrag? Hoe gereeld?
9. Is daar `n maatreël in plek vir hoe u optree indien `n kind u besoek op grond van die gedrag? Hoe?
10. Wat kom in u boelie beleid van die skool voor?

Definisie:

11. Hoe sou u boelie-gedrag definieer?

Ouers:

12. Maak u gebruik van enige kontak of korrespondensie om ouers in te lig oor die gedrag. Verduielik.
13. Sou u sê dat daar enige positiewe rolle vanaf ouers is rondom die oplos van die gedrag?

Boelie-gedrag-die oplossing:

14. Watter maatreëls het die skool in plek om die boelie probleem aan te spreek?
15. Wat stel u beleid voor rondom boelie-gedrag?